# MAAK EN BREEK – deur Louise Snyders

## Hoofstuk 1

### *Koos de la Rey*

EK maak en breek. EK maak diegene wat op MY wag se voete vry van sonde. EK breek alle bande van die dood. EK breek alle kettings van die sonde.

Daar is jakkalse en daar is wolwe. Watter kant sal hulle kies? Die een is skelm en die ander verskeur. Daar is nie een wat die ander nie wil verteer.

Dit was in die jaar 1900 toe daar van MY knegte opgestaan het om MY te dien. Dinge was baie sleg in daardie tyd. Mense het mekaar uitgemoor en orals was brande. Maar nêrens was daar iemand wat vir MY opgestaan het nie. Daar was nie 'n mens wat nie van MY geweet het nie, maar nêrens was daar sprake van iemand wat gebrand het vir MY nie. Daar was in daardie dae nie 'n mens wat MY liefgehad het nie. Almal was betrokke by 'n kerkorganisasie wat mense in diere verander. Dit was 'n tyd van oorlog en leed en daar was vir MY net een profeet. Kerke het losbandig met mensesiele omgegaan. Wees bly en juig, want daardie tyd het verbygegaan. Bande van die dood het almal omring. Daar was 'n sekere man genaamd Koos. Koos was MY naamgenoot, want MY Naam was op sy voorhoof geskryf. Hy is deur MY profeet bygestaan. Hy is deur MY profeet van raad bedien. Koos de la Rey was 'n man van inbors. En EK het hom baie liefgehad. Een aand het hy op 'n baie hoe spoed gegalop met sy perd Pronk. Pronk het vinnig na links geswenk en hom 'n geweldige kopstamp besorg. Vervaard het hy orent gespring en na hulp geroep. Daar was egter niemand wat hom kon hoor nie. In sy nood het hy na MY om hulp geroep. EK het hom geantwoord deur MY kneg na hom te stuur met die volgende boodskap: ”Gaan met 10 man te perd na die Noordweste en wag daar op MY Woord!”

Hy het dadelik gegaan en MY boodskap sorgvuldig uitgevoer. Daarin lê die gehoorsaamheid – dat 'n kneg MY Woord uitvoer.

Daar aangekom, het hulle afgesaal en op MY Woord gewag. EK het weer MY kneg na hom gestuur met die volgende Woorde: ”Rig vir MY 'n pilaar op ter bevryding van jou volk. EK sal jou volk gedenk in die volgende geslagte wat sal kom, want hulle is MY uitverkorenes!”

Die pilaar staan vandag nog en is te sien by Migdol wat beteken 'Skaaptoring'.

MY volk, EK het julle lief, maar julle gedenk MY nie. Daar is 'n geringe oorblyfsel onder julle wat MY Aangesig soek. Sorg dat julle MY vind, want EK is die Alfa en die Omega.

Amen

## Hoofstuk 2

### *Paulus Toronto*

Dit was in die dae toe konings en staatsmanne van die belangrikste was. Vandag is sportmanne en sterre die belangrikste. 'n Kring van spotters het 'n nuwe ding begin. Daar is met luide toejuiging gesing en gedans. Wilde geskreeu het elke nag weerklink. Tot 'n man vir MY opgestaan het. Hy het opgestaan in die Naam van JaHWeH van die leërskare. Sy naam was Paulus Toronto; `n middelslag man met net genoeg om van te leef. Hy was gehaat onder die stadsbewoners wat onder elke groen boom gehoereer het. Paulus het MY dag en nag aangeroep tot groot verbasing van almal. Dag in en dag uit het die geskreeu voortgegaan. Sonder versuim het hy aangehou met bid. Tot die dag dat die son stilgestaan het en die aarde het geskud. Vir 'n wyle was daar stilte en sekeres het selfs begin bid. Na 'n ruk het die rumoer voortgegaan. Met 'n luide stem het Paulus op die stadsplein geroep:

“Kom almal na MY toe, sodat ek julle iets kan vertel. ” Nuuskierig het almal om hom saamgedrom. Paulus het skielik in trane uitgebars en almal met die volgende woorde verstom: ”Soek allereers die koninkryk van Jah, maar julle soek julle eie koninkryk. Daarom sal julle almal verban word tot die klippe van die aarde waar mot en roes alles verniel!” 'n Sekere groep mense het hom ter harte geneem en is gered, maar die oorgrote meerderheid het hulle nie aan hom gesteur nie. Hy het stadig huiswaarts gekeer en hartverskeurend tot MY gebid. Daardie nag het dit begin reën en daar was nie 'n huis wat nie onder water was nie. Maar Paulus Toronto was 'n man van die hoogte en daarom was sy huis nie onder water nie. Later daardie nag was daar 'n klop aan sy deur. Dit was die mense van die laagte. Hy het die deur oopgemaak met die volgende woorde: ”Gaan na julle huise. Wat julle nodig het, is reeds daar! ”Die mense het druipstert omgedraai, omdat hulle onderdak by hom wou soek, maar MY profeet het opdrag gekry om hulle stief te behandel. Terwyl die mense op pad na hulle huise toe is, het 'n ontsaglike wind

opgekom en al die water soos in ‘n kolk saamgebondel en weggewaai. Die gesig om te aanskou was angswekkend en baie het beswyk om nooit weer op te staan nie. Al die wat ‘n effense geloof in MY ontwikkel het deur MY profeet, is na hulle huise gebring waar hulle alles in orde gevind het. Selfs die huisraad was asof daar niks gebeur het nie. Alles het net so gestaan soos voor die vloed. Daar het angs, verbasing en pyn geheers. Pyn as gevolg van die leed wat hulle MY en MY profeet aangedoen het. Die pyn was ‘n oorverdowende pyn wat die hart laat saamtrek het. Die angs het hulle beleef toe hulle tot die besef gekom het van ‘n Almagtige God wat hulle uitgedaag het en so die noodlot getart het. Sodoende het daar rus en vrede gekom in ‘n rumoerige stad. Soos ‘n see in beroering was hulle wat tot stilstand gekom het deur MY opgehefte hand, waaraan alles en almal gehoorsaam moet wees. Daarmee wil EK aan almal sê: Soek MY terwyl EK nog te vinde is. Daar kom dae dat niemand wat MY nie in hulle harte het, MY sal vind nie. Dit sal ‘n tyd van oorstromings en woeste strominge wees. Wees bly as julle MY alreeds gevind het, want julle het die Ewige Lewe gevind.

Amen.

# Hoofstuk 3

## *Susanna Elizabeth Scheepers*

Dit was in die dae van hartsverblyding na die Groot Trek. Almal was al gevestig op hulle plase en daar het ‘n sekere eenheid onder die volk geheers. Dit was die begin van die Boervolk van Suid-Afrika. Almal was dankbaar vir die stukkie grond wat hulle ontvang het na die ontberings op die lang pad wat hulle moes deurmaak. Daar was ‘n sekere vrou met die name Susanna Elizabeth Scheepers. Sy was ‘n dapper boervrou met ‘n rein hart en ’n sterk verstand. Sy het MY daagliks in die stilte van die natuur onder ‘n ou bloekomboom gesoek. Susanna was altyd vroeg op en was besig nog voor die eerste haan kraai. Sy het daagliks te perd die berge ingevaar, omdat sy gemeen het om MY in die stilte en eensaamheid op te spoor. Haar verlange na MY was groot, want sy het gelukkige kinderdae beleef, want haar ouerhuis was Godvresend en vol van MY lof. EK het hulle uit ontsaglike gevare uitgered waaraan niemand kan dink nie, omdat hulle dit nie self beleef het nie. Die nageslag van die trekkers het veel om voor dankbaar te wees. Maar terug by Susanna.

Een oggend het sy weer te perd gery in die rigting van die ruie Magaliesberge, toe ‘n luiperd van agter op haar perd se flanke spring. In haar angs en nood was daar net een gedagte by haar en dit was EK. Sy het gedink dat sy die ewigheid ingaan en MY, haar Skepper nou uiteindelik gaan ontmoet. Nie heeltemal gekant daarteen om dood te gaan nie, maar tog menslik vol vrees. Susanna het terdeë na MY geroep en haar hande na MY opgehef met die luiperd nog steeds agter haar op die perd wat begin struikel het. Vanuit die blou lug het ‘n straal gekom wat die luiperd getref het en hom asof dood op die grond laat lê het. Die luiperd het egter nog asemgehaal en Susanna het verskrik gestaan en gewonder wanneer hy weer gaan opspring. Haar perd was minimaal gewond en sy het stadig maar seker huistoe gekeer met ‘n groter loflied in haar hart as vroeër. By die huis aangekom, het sy haar familielede ingelig van die voorval.

Haar oudste broer Daniel is dadelik terug om die vel te gaan haal. Toe Daniel daar aankom, was daar geen teken van die luiperd nie, maar die vars merke was nog duidelik sigbaar. ’n Sekere tyd daarna is daar vertel van die luiperd wat gewaar is terwyl hy ‘n skaap wou steel. Die man wat die gesien het, het berig gegee van ‘n luiperd met drie stompiebene wat probeer om maklike prooi te vang. Nodeloos om te sê het hulle dadelik geweet dat dit Susanna se luiperd was. Die luiperd het dae lank so aangesukkel totdat hy op Susanna-hulle se plaas aangekom het. Daar het hy een nag op die voorstoep van hulle huis inmekaargesak. Susanna was meegevoer in die liefde vir haar Skepper wat haar so getrou bewaar het.

Daarom is dit nodig om MY dag en nag te prys. Om MY elke dag uit die diepte van jou hart te bemin dat EK kan maak die vyande ‘n voetbank van jou voete.

Jou Skepper alleen. Altyd.

Amen

# Hoofstuk 4

## *MY Woord is daar vir MY ware dienskne gte*

Daar is wonderwerke en daar is wonderwerke. Daar is seëninge en daar is seëninge

Daar waar EK is, is geen vrees, maar julle ervaar dit nie as sodanig nie. Daarom is dit nodig om julle kort-kort te herinner aan voorvalle of gebeurtenisse waar MY Naam weer in ere herstel kan word in julle wankelrige gemoedere. Selfs MY knegte twyfel aan MY woorde.

Dinge wat aan hulle geopenbaar word, word as goedkoop woorde opgevat wat nooit waar sal word nie. Dink daaraan in die tye wat kom, want EK sal sekerlik nie een woord ongedaan maak wat EK gespreek het nie. Julle sal alles waarneem en in angs sal julle besef watter fout julle begaan het deur MY woorde as niksseggend af te maak. Die van julle wat dit wel ter harte geneem het, sal ook uit julle velle wees, omdat julle GOD en Verlosser Sy woord gestand doen. Wees daarom bly as julle onder die is wat MY Woord glo, want al die ander sal hulle koppe in skaamte moet laat sak, omdat hulle MY en MY diensknegte nie geglo het nie. Wees daarom ywerige werkers aan julleself en kweek ‘n liefde in julle harte vir MY, dan sal julle ook begin glo, al gebeur dinge nie dadelik nie. Wees gewaarsku - dinge sal gouer op julle toesak as wat julle dink en in julle angs sal al MY woorde na julle toe terugkom in die felheid van MY vuur.

Julle Skepper en getroue Heer. Amen

# Hoofstuk 5

### *Jou Almagtige Verlosser het jou lief, wees daarom vir HOM ook lief.*

Dinge gebeur altyd met ‘n doel. Die een dag gaan dit goed en die ander dag gaan dit sleg, maar MY Hand is altyd daarin. Wees daarom altyd vrolik in julle harte, want daar is niks wat MY so bedroef as wanneer een van MY kinders ontevrede is met die lot wat EK aan hom toegesê het nie. Daar is tye gelede ‘n ooreenkoms met MY aangegaan en daardeur is sekere dinge bepaal wat met julle sal gebeur en daar is niks aan te verander nie. Julle sing en bid sonder vrolikheid van hart en dan verwag julle dat EK tevrede daarmee moet wees. EK, julle Skepper het julle lief en wens julle ‘n gelukkige lewe toe, maar julle ervaar dit as ‘n straf as EK dinge op julle pad bring wat julle moet reinig en nader aan MY bring. Dink daarom bietjie na as jy weer so ‘n “vreeslike straf” moet verdra. EK is lief vir julle en wil alles vir julle gee, maar julle gee MY net die broodkrummels van julle liefde. Wat EK wil hê is die vuur van julle harte. Sonder vrees moet julle MY nader en op MY skoot moet julle kom sit. Met MY Vaderarms wil EK julle omhels en MY vurige Liefde op julle uitstort. Dink daarom na aan MY woorde van Verlossing - en krag sal julle deurspoel, hoe liewer julle MY kry. Hou op stry oor niksseggende dinge en kry MY lief, want EK is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde en niks waaroor julle stry en baklei kan dit verander nie. Wat EK wil hê, is dat julle mekaar in broederliefde omhels, terwyl julle MY loof en prys uit die diepte van julle harte, sonder skroom moet julle MY woord van liefde uitdra aan ander wat nog met suur gesigte en swart harte rondloop. Die einde is so naby dat julle sou beswyk as EK dit aan julle sou wys. So, wees MY getroue diensknegte waardig en julle sal leef, terwyl ander om julle sterf. Wees MY Vaderhart welgevallig sonder om die een die ander te beswadder, omdat hy nie jou leerstelling wil aanvaar nie. Hou op slim wees en laat MY Vaderwysheid in jou posvat en oorneem. Wees nie vir MY ‘n doring in MY oog wat EK moet verwyder nie, want die verwydering sal nie soseer vir MY skaad as vir jou nie. Jou Almagtige Verlosser het jou lief, wees daarom vir HOM ook lief.

Jou Verlosser aan die kruis op Golgota.

Amen

**(VERGEET DIT NIE!)**

# Hoofstuk 6

### *Luister na MY stem binne-in jou*

Aan die van julle wat op die wedergeboorte wag, wil EK net sê. Julle is MY uitverkorenes wat in die vlees op aarde is, maar binne julle is MY oneindige Gees teenwoordig wat heilig en afgesonder is. Meng julle daarom nie met almal wat vir julle vriendelik voorkom nie. Baie is adders, gestuur uit die hel met die volle missie om julle van al julle Gees ontdaan te maak. Hulle sal dit nooit regkry as julle hulle nie toelaat nie. Dis gesê, as julle in MY bly, sodat EK in julle kan bly. Die manier om die adders uit te ken, is om na die stem van MY, julle Vader en Verlosser wat almal ken, te luister. Baie keer praat julle van `n "vibe" wat julle optel as julle met iemand gesels. Op die oog af is hulle baie gaaf en niemand kan `n vinger na hulle wys nie, maar EK ken hulle harte en waarsku MY kinders deur MY Gees binne julle. Daarom moet julle luister na MY en vermy dan daardie persoon, want EK weet wie nog gered kan word. Daar is baie mense wat nog `n slegte gees teenwoordig het en daarmee wil EK nie sê die betrokke persoon is sleg nie, maar sy lewe laat hom nie toe om die pad na MY te vind nie, want hy laat toe dat bose geeste hom voorsê wat om te doen. As jy voel dat iemand nie aan die standaarde voldoen om `n kind van MY te wees nie, moet jy met oorgawe en baie naasteliefde daardie persoon aan MY opdra. EK sal dan met MY krag en mag daardie persoon omvou en hom red van al die boosheid wat om hom saampak. EK sal hom bevry, sodat hy MY, sy Verlosser, Skepper en Vader kan herken en MY ook liefkry soos hy moet.

Daarom moet julle nooit dink dat almal verlore is wat in boosheid verkeer nie. Dink eerder daaraan dat dit een van MY siele is wat deur bose geeste beheer word en dat dit hulle is wat die adders is. Elke gebed uit die diepte van jou hart vir jou naaste en broer is vir MY welgevallig en EK sal MY haas om jou gebed te beantwoord, want dit is soos reukwerk voor MY aangesig. Bid vir mekaar in alle liefde en hou eerder slegte praatjies ver van julle af. Julle Skepper wat julle baie liefhet sê hierdie dinge aan julle.

Let daarna op!

Amen

# Hoofstuk 7

***Vorm `n hegte band met MY***

Aan die koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en heerlikheid, tot in alle ewigheid. Amen. So het MY dienskneg Paulus dit eeue gelede te kenne gegee aan die hele wêreld en aan geslagte wat duisende jare daarna op die aarde leef. Daar is in MY boek van die lewe nie nog so ‘n persoon wat dit so raakgevat het soos MY Paulus nie. Daarom is dit nodig om elke dag ‘n band met MY te hê om sodoende MY Gees oor julle te laat uitstort, al is dit laat in die nag, vroeg in die oggend of selfs in die middag van jou lewe. MY knegte op aarde het dit baie nodig om ‘n hegte band met MY te hê om sodoende met MY in verbinding te bly, want as julle nie in MY bly nie, kan EK ook nie in julle bly nie en dan is jy kragteloos en sonder hoop. Wees MY stem in jou binnekant gehoorsaam as EK jou roep, al is dit in die middel van die nag. MY Gees kan nie werksaam in jou word as EK nie jou volle gehoorsaamheid het nie en dit sluit in die gebooie van die liefde. Wees MY getrou en EK sal getrou aan MY woord wees en jy sal deur MY krag omvorm word tot ‘n nuwe mens wat MY in als gelyk is.

Amen, ja amen.

# Hoofstuk 8

***Noodroep om naasteliefde!***

Die een onder julle wat sonder sonde is, kan eerste ‘n klip optel om die ander mee te gooi. Dit het EK jare gelede gesê en EK sê dit nou ook met nadruk: ”Die een wat sonder sonde is, kan eerste die klip optel. Julle is so geneig om mekaar van dinge te beskuldig en die een kan die ander nie in liefde verdra nie, maar jy sal graag wil hê dat ander jou met liefde en geduld moet verdra, want jy is mos “maar net ‘n mens”. Vandaar die verskynsel dat broers mekaar haat en in ontug word daar allerhande dinge teen MY gedoen, want die een kan die ander nie verdra nie. Sonder dat julle dit besef, doen julle MY skade aan, in plaas van mekaar, deur van mekaar te skinder en te praat. Doen jouself ‘n guns en kyk om jou heen hoeveel broederliefde daar onder mekaar is en dit by name die sogenaamde Israeliete. Dit skel op mekaar agteraf en Sondag is almal weer teenwoordig om MY kamstig te kom dien. Is dit nie die dien wat EK soek dat julle mekaar in ware naasteliefde moet dien en sodoende MY daardeur te vereer nie? Maar julle dink dat julle genoeg doen om vir mekaar kos te bring en daardeur het julle genoeg gedoen vir mekaar vir die res van die week. Let bietjie op na die nood van jou naaste en jy sal stomverbaas bly staan oor die armoede van jou volksgenote. Hulle is nie almal so bevoorreg soos jy nie en kan ook nie als bekostig wat hulle nodig het nie. Kyk daarna en probeer eerder om op so `n manier te help as om agteraf te praat en mense van dinge te beskuldig waaraan hulle nie skuld het nie. Sonder skroom help EK julle en sonder skroom moet julle mekaar help en `n helpende hand uitsteek waar julle sien dat een nodig is. Julle Elohim en Skepper bevel julle in die woorde van eeue gelede al dat julle naasteliefde moet beoefen. Doen daarom soos EK julle beveel en EK sal julle in so `n mate seën dat julle stom sal staan as julle moet weet wat EK vir julle berei het. Dink daaroor na dat EK Myself verneder het om na die ashoop van die aarde te kom om MY reddende regterhand na julle uit te steek en julle te red, ten spyte van julle sonde, want EK het geweet dat julle almal net mense is, wat eens van MY uitgegaan het. As jy jou sonde sou ken soos EK dit ken, sou jy jou kop in skaamte laat sak het en in diepe berou MY om vergifnis gesmeek het en definitief van jou naaste se kleiner sonde vergeet het. Wees MY getrou in alles

wat jy doen en EK sal jou sondes uitwis soos jy jou naaste se sonde teen jou uitwis. Daarom moet julle hard aan julleself werk sodat julle MY kan beërwe.

Julle Vader en Skepper, altyd en ewig.

Amen

# Hoofstuk 9

### *Roep MY aan en bely MY!*

Daar is nood in elke hart wat MY soek in sy smart en daarom moet jy MY dag en nag bely, al is die nag hoe donker. Moenie wag dat EK jou roep nie, roep na MY die hele tyd. En EK sal jou verhoor, maak nie saak of jy vol sonde is of nie. Want sonder ‘n Vader is julle niks. En niemand kan julle uit MY hand uittrek as julle nie self kies om weg te gaan nie. Kom na MY in die hitte van jou liefde en sê MY hoe jy voel. EK wil al jou smart op MY neem want EK is jou Skepper en Verlosser wat eens bitterswaar vir jou gely het. Julle besef nie wat EK deurgemaak het vir julle nie en daarom sal julle nie ‘n ware Vaderhart verstaan nie. Ware Liefde lê SY lewe af vir SY liefde wat SY lewe is. Wees daarom gou om MY aan te roep en stadig om jou troos by ‘n medemens te soek en soek MY dag en nag. En EK sal jou gee die begeertes van jou hart en jy moet vir MY stry.

Amen

# Hoofstuk 10

### *Bied die ekstra myl self vir MY aan*

Waarom is julle ore toe en julle monde oop? En dit terwyl EK julle self bevel gegee het om nie net hoorders te wees nie, maar doeners. Julle luister nie na wat EK julle beveel nie, maar verkies om julle eie ding te doen. Menigmaal het EK vir julle ‘n voorbeeld gestel, maar julle verkies om julle eie voorbeeld te volg. Moenie dat EK nodig het om te kom met MY sekel en af te kap voor die oes ryp is nie. Julle almal sê dat julle MY liefhet, maar julle is nie bereid om die ekstra myl vir MY af te lê nie. EK wil nie vra vir die ekstra myl nie. Julle moet dit self kom aanbied. EK, as julle Verlosser, het MYSELF aan julle gebied en die vreeslikste pyne vir julle verduur. Daarom sal EK dit wil hê dat julle, julleself as lewende offers aan MY kom bied. Dit is iets waaroor elkeen moet besluit - of hy wil of nie - en die keuse is julle s’n, maar EK wil net sê dat dit wat jy gee, weer eendag aan jou teruggegee sal word op die manier wat jy dit gegee het. Wees daarom nie suinig met julle liefde en offers nie, want ‘n offer uit liefde sal EK altyd aanneem en EK sal jou vergoed op ‘n manier wat jy nie verwag nie. Iets daadwerkliks moet jy aan jouself doen, anders kan jy nie met MY Gees vervul word nie en dit beteken dat jy nie een met MY sal word nie en hoe kan jy dan die wedergeboorte bereik op jou eie? Doen daarom wat EK julle beveel, want dit beteken die ewige lewe in MY, julle Elohim en Skepper. Soos ‘n draak wat nie weer opstaan nie, moet jy jou eie ek verslaan, want jou eie ek is te vergelyk met ‘n draak wat alles verslind. Alles wat in sy pad kom, vreet hy op. Selfsug is ‘n vrug van die eie ek en kyk net wat kan selfsug alles doen. Mense sal mekaar doodmaak vir `n paar rand en dit net om die eie ek te bevredig, want die liggaam moet behaag word in alle opsigte. Doen daarom nie wat die slangkinders doen nie en doen MY wil, dan sal jy leef en saam met MY wandel sonder die eie ek, maar met MY in jou binneste, wat die lewe beteken.

Doen daarom wat EK vir julle sê, want EK weet waarom EK dit vir julle beveel. Sou julle gees wakker gewees het, sou julle dit al geweet het, maar nou slaap julle nog die doodslaap. Word daarom wakker en leef tot in ewigheid.

Amen

# Hoofstuk 11

### *Soek MY aangesig met ‘n heilige gewaad*

Soos ‘n dronkaard waggel die aarde om te val en nie weer op te staan nie. EK het dit al by herhaalde kere aan julle gesê: Die tyd raak min en waarmee sal EK jou besig vind in ‘n tyd van nood en dood? Vrees nie die tydings nie, want EK is Koning oor alles en die hele skepping is MY gehoorsaam. Maar vrees die tyding as jou hart nog ver van MY af is en bid in die tyd van nood en dood en EK, as jou Skepper en Verlosser, sal jou sekerlik uitred, want EK laat nie een van MY kinders verlore gaan wat MY in hulle harte aanroep nie. Maar jy wat op jouself staatmaak, kan geen uitredding verwag nie. In ‘n tyd van nood en dood sal slegs die uitroepe van Myne MY ore bereik en EK sal hulle te hulp snel en hulle red. Hulle sal van MY grote Vaderarms bewus raak en kalmte en vrede en rus sal hulle oorspoel, terwyl al die ander soos dronkaards in hulle nood sal rondhardloop en na MY soek. Doof sal EK MY vir hulle hulpgeroep hou en hulle sal steier en val en nooit weer opstaan nie. Die wat MY aanroep voor die tyd

van nood en dood sal gered word en sal opstaan tot die ewige lewe, al gee jy ook jou aardse lewe op. Dink daaraan in ‘n tyd van vrede en weet: Die tyd raak min. Soek MY met jou hele hart en jy sal gered word as ander om jou sterf. Sal EK praat en nie MY woord nakom nie? Dit is vêr van MY af om dit te doen. Nooit praat EK sommer in die wind nie en al MY woorde hou grond en sal bewaarheid word. Soek MY aangesig met ‘n heilige gewaad en moenie dat die sonde jou gewaad bevuil nie. Jou Verlosser en Skepper is die een wat dit aan jou sê. Dink daaroor na in die stilte van jou hart en fokus net op MY, jou Vader, wat jou baie liefhet. Dit klink soms of EK hierdie wrede God is, maar EK weet hoekom EK dit doen en as julle met MY verenig word, sal alles vir julle duidelik word en julle sal MY loof met harte wat ontplof van liefde vir MY. Vertrou MY, al gaan dinge soms swaar. EK is en bly in beheer, al wil die wêreld dit anders laat lyk. Vrees nie die satan nie, want EK het hom al eeue gelede oorwin en hy weet dit. En met haat en woede kom hy neer op dit wat MYNE is, omdat hy dink dat hy MY so sal oorwin, maar hy kan nie, want hy is van sy krag ontneem. Toe hy teen MY gekies het, is al sy krag aan MY teruggegee, want EK is die Kragbron. Maak nie saak wat hy aan almal wil wysmaak nie. Vertrou MY net en hê MY lief. Dis al wat EK vra.

Amen

# Hoofstuk 12

### *Soek MY, terwyl EK nog te vinde is*

Julle wat vir MY ‘n Sionslied wil sing, kan dankbaar wees – EK het MY brood na die aarde toe gebring en sonder dat julle daarvan bewus is, kom EK al klaar MY tempel in julle midde bou. Julle is MY ware lewende tempels en sonder MY is julle leë geboue wat inmekaar sal sak as die eerste reëns sou kom. Bou op MY, julle belangrike fondasie

En wag op die vervulling van MY woord, wat sekerlik nie lank sal uitbly nie. Daar is niemand onder julle wat MY nie nodig het nie en julle doen mekaar vreeslike smart aan, deurdat julle nie in MY bly nie. Julle moet voluit lewe vir MY en dit beteken dat die wêreld uitgesluit moet word, terwyl EK alleen toegang in jou hart moet hê.

Wees vir MY lief met jou hele wese en EK sal by jou kom woning maak en saam sal ons die wêreld oorwin en daar sal vir jou wees geen pyn en smart, want EK dra dit vir jou. Vol lof sal jy wees as jy MY in MY volheid kan aanskou en die wêreld sal verbaas staan oor die krag wat uit jou uitgaan. Blindes sal jy kan laat sien en dowes sal jy laat hoor, want EK gee jou die krag en die volmag om duiwels uit te dryf. Sonder MY kan julle niks doen nie, daarom moet julle MY ywerig soek in die stilte van jou hart wat ook jou binnekamer is. Gaan gereeld in jou binnekamer en soek MY daar. EK is daar waar EK welkom is en niemand kan MY daar uithaal.

Geen dood, geen nood, geen diepte, en ook geen laagte, geen duisternis. Al sluit hulle julle in die diepste van kelders, MY lig sal julle deurstraal en lig in die donker wêreld bring. Geen aardse lig, wat op sigself duisternis is, maar MY lig wat alles verlig, selfs die diepste steeg. Wees nie bevrees nie, want EK is met julle. EK dra julle en voed julle. EK klee julle en onderhou julle, selfs in die ergste hongersnood sal EK MYNE beskerm en bewaar, want onthou, hongersnood bring ook gevaar van aanvallers, maar jou sal EK koester en teen MY bors druk. MYNE sal geen nood ervaar en met vreugde sal hulle met hul lewensreddingskuitjies wegvaar tot aan die hemelse kus waar hulle aan MY bors, sag sal rus. Soek MY, terwyl EK nog te vinde is en jy sal ook eens aan MY Bors rus en vrede aanskou sonder pyn en smart. Maar julle moet MY soek sonder om te rus. Wees wakker en moenie versuim om MY, julle Elohim en Skepper, in alles te ken nie. Wees vrolik en bly, die tyd is naby, wat elke opregte hart vol liefde en sonder hoogmoed MY sal sien.

Amen

# Hoofstuk 13

### *Vergeet van al die aardse – want daarin lê die dood*

Daar is onder julle geeneen wat MY nie nodig het nie. Dit het EK al by ‘n vorige geleentheid ook gesê en kan dit nie genoeg uit stipuleer nie. Wees MY dankbaar vir al wat jy het en moenie vergeet dat dit EK is wat dit vir jou gee nie. Leef net vir MY en jy sal kry – vreugde wat jy nie nou sal kan hanteer nie, want julle is almal nou nog te swak om te weet wat EK vir julle berei het. Soek MY. Dit sê EK weer en weer. Dit maak nie saak of jy volmaak is of nie. Niemand is volmaak nie, al dink baie van julle dat julle alreeds is. Vergeet van al die aardse – want daarin lê die dood. En daarin lê die dood van die materie wat ewige tye nie oorwin kan word nie. Dink aan MY woorde wat EK op hierdie dag met julle spreek en weet - sonder MY kan julle niks doen nie. Vra MY eers voordat jy die geringste dingetjie doen. EK sal jou

aantoon wat jy moet doen en jy sal volle vreugde vind. Want in MY is die volle vreugde. Wees nie ydele soekers na wêreldse eer en verheerliking nie, want dit is die dood - om deur mense geëer te word. Dit bring hoogmoed mee wat die wapen van die bose is, waarmee hy duisende siele van MY afrokkel. En in smart gaan daardie siele vir ewighede van MY geskei bly, want EK duld geen onreinheid by MY nie.

Wees rein soos EK rein is en wees volmaak soos EK volmaak is en julle sal gered word, want julle strewe is na MY en MY gebooie van liefde. Die gebooie van die liefde is baie belangrik, want dis wie EK is - LIEFDE en weereens LIEFDE word julle op die hart gelê, anders kan julle nie een met MY wees nie. Liefde verdra nie jaloesie nie, so werp dit van julle af. Wees getrou aan mekaar en moenie beloftes maak wat julle nie kan nakom nie. Streef eerder daarna om te dien, as om gedien te word. Help mekaar in ware naasteliefde en hou ydelheid ver van julle af en julle sal leef en opstaan tot die ewige lewe in MY. Wees nie soekers na ydele plesier nie, want die plesier in aardse dinge hou jou vas aan die wêreld en julle moet reeds die wêreld afsterf. Wees net vir MY lief en alles sal aan julle gegee word sonder dat julle dit hoef te verstaan, want deur MY sal julle als duidelik gemaak word. En julle sal alles verstaan - van MY skepping af tot die geestelike sy van alles. Dat alles eintlik gees is, verstaan julle nie nou nie, maar streef na die eenwording met MY en julle sal dit eerstehands sien met julle eie oë. Maar daarvoor is vertroue en liefde vir MY, julle Skepper en Verlosser nodig. Sonder liefde is niks die moeite werd nie. Geen harde arbeid op aarde nie. Geen geld in die bank en geen aardse besittings is vir jou iets werd nie. Soek eerder MY, die Gewer van alle goeie gawes en jy sal leef. Al die ander bring net die dood voort. ’n Giftige vrug wat nie tot lewe wek nie, maar vergiftig, en die vergiftiging is met baie moeite uit die sisteem te werk. Wees dankbaar vir alles wat jy uit MY Vaderhand ontvang. Daar is niks so wonderlik vir ‘n Vaderhart, as wanneer SY kind HOM in dankbare liefde omvou en teen sy bors vasdruk nie. Daarmee is die hoofstuk afgesluit en hou a x lles op die hart wat EK julle hier bekend gemaak het. Al MY liefde en deernis aan julle, MY uitverkore kinders.

Amen

# Hoofstuk 14

### *EK is die Weg, die Waarheid en die Lewe*

Daar kom ‘n tyd en julle sal weet as dit aangebreek het. Die see sal in bloed verander en die maan sal verduister as EK die mens aan hul eie lot oorgelaat het. As EK MY onttrek van die aarde en haar bewoners. Slegs ‘n geringe oorblyfsel sal MY woorde onthou en dit ter harte neem en dit sal amper te laat wees. Maar nog sal MY reddende hand hulle uitred wat op die nippertjie na MY vra. Wees nie een van die wat MY te laat kom soek nie, want jy sal die verlossing van die geregverdigdes sien en self sal jy moet agterbly. Dit sal ‘n tyd wees waar mense se harte sal beswyk en hulle sal met leë hande en vuil harte MY hulp kom vra, maar EK sal MY doof hou en slegs die red wat MY betyds liefgekry het en MY met hulle hele hart gesoek het. Die bringer van die dood is naby. As julle geweet het, sou julle nie so sorgeloos voortgegaan het nie. Julle sou julle gehaas het om julle by MY voete te vergader en julle sou gereinig deur MY bloed, MY aangesig gesoek het. Maar julle jaag die wêreldse vreugde na. Dis die een fees op die ander. Geen tyd vir oordenking, want Mammon roep harder as EK. Julle wil nie hoor nie, al sou julle kon, want plesier doof alles uit. Die liggaam, plek van die dood, is belangriker en in stof sal julle versink en klaagliedere sal opstyg uit die doodsbeendere. Moenie sê EK het julle nie gewaarsku nie, dis amper klaar te laat, maar die deur is nog op ‘n skrefie oop. Haas julle na die ingang. Die wat nie weet waar die ingang is nie - kyk net na MY. EK is die Weg, die Waarheid en die Lewe. EK sal julle in veiligheid bring, terwyl die aarde ‘n klaaglied sing. EK sal julle in MY arms wegdra en niemand sal julle pla daar waar EK julle heen vat. En vars soos ‘n blom sal julle MY nuwe geslag wees wat MY sal dien en die hele skepping sal weet julle het MY nie vergeet, daarom kom EK julle red. Niemand sal verlore gaan wat MY aanroep nie. Nie eers ‘n haar sal val as EK julle behoed nie. Moet daarom nie die slang en sy gebroedsel vrees nie, want hy is magteloos. HY is soos ‘n brullende leeu wat wag om te verslind en in sy haas gaan hy probeer om een van MY kinders te vreet, maar snel soos ‘n pyl uit ‘n boog sal EK tussenin tree en hom die nekslag toedien. En EK sal hom verwond en hom in die poel werp, waar hy vir lank sal moet sit, omdat hy sy hand aan MY kind wou slaan. Hy sal brul van pyn, want waar EK slaan sal ‘n oop wond wees wat nie maklik genees. En hy sal sit vir ‘n ewigheid en aan sy sonde moet hy dink - dat hy sy hand teen een van MYNE verhef het. Daarom is dit beter om MY te soek, want alle krag en sterkte gaan uit MY uit en jy is veilig in MY Vaderarms. Wees gerus, jy sal lewe en nie sterwe. So maak jou keuse en maak hom gou, want die groot doodmaker is op pad. Julle Vader wat na julle roep, sê die belangrike dinge aan julle.

Amen

# Hoofstuk 15

### *Bly weg van die verlokkinge van die wêreld*

Die mense wat MY in hulle harte aanroep, het alles wat hulle begeer. Geen verdrukking of dood kan hulle van MY afneem. EK het julle lief met die reinste liefde denkbaar. Selfs nie eens MY aardse lewe was groter as MY liefde vir julle nie. Met ‘n lied in MY hart, het EK MY smart gedra en was bereid om te daal na die diepste dieptes van die dood. Julle het niks te vrees, EK het als volbring en die slang wat genoem word satan, ril as hy MY Naam hoor. Op die oog af lyk dit of hy oorwin het. Dis net deel van die skyn en dis iets waarmee hy baie goed is. Hy gee dinge voor en vang mense in hulle onkunde, wat hulle ore aan hom uitleen. Dit is daardie sotte wat julle op elke geleentheid gaan probeer verdruk. Julle moet hulle in alle liefde goed behandel en bedink dat die wraak MY toekom. Die satan se handlangers skuil agter elke bos en sonder dat julle weet word julle dopgehou. Elke beweging van julle word fyn dopgehou. Daarom moet julle die hele tyd vol van MY lof wees, want dan kan hulle julle niks aandoen nie. Maar `n geringe oortreding van julle kant af, gee hulle die geleentheid om in volle woede op julle neer te sak en dan sal jy voel hoe jy jou krag in MY verloor. Die roepstem in jou hart word dan al dowwer en dowwer tot Hy later heeltemal uitgedoof word. Dit is waarom EK altyd sê; waak en bid gedurig, want julle kan nie die bose om julle waarneem nie. Sou julle kon, dan sou julle nie `n tree van MY voete af gegee het nie, want die bose is buitengewoon afgryslik en soos `n vampier wat soek na bloed soek hulle na julle siele. Een manier om toegang tot julle te verkry is deur wêreldse plesier. Sonder om te dink, haas almal hulle na die verlokkinge van die wêreld. Dvd's, video's, tydskrifte, openbare plekke, sport en vele meer is alles plekke waar hierdie bose geeste hulleself ophou. Gaan een van julle na so `n plek, kies hy dadelik een van julle uit, sodat hy die vars bloed van een van MYNE kan drink.

En dronk van geluk val hy julle nog meer aan, tot julle later van alle Gees ontdaan is en EK kan daaraan niks doen nie, want dit is jou keuse waar jy heengaan en wat jy doen. Onthou een ding baie goed: Daar waar jy gaan, is EK met jou, maar as jy die wêreldse plekke opsoek, gaan jy alleen in. EK is nie by jou terwyl jy die drank van Mammon drink nie en in jou dronkenskap is jy alleen en verlate. Oral waar daar ‘n gees van gelatenheid en vreugde heers, is EK nie, slegs in die vreugde wat in MY gesoek word, is EK. Bly daarom weg van plekke waar EK nie te vinde is nie, want jy sal uitgesuig word sonder dat EK red.

Amen

# Hoofstuk 16

### *Moenie MY Heilige Gees bedroef nie*

Gees is ‘n term waarvan mense min weet en hulle besef nie dat hulle van Gees uitgekom het en tot gees sal terugkeer nie. Die aardse liggaam is van stof aanmekaargesit en MY asem, wat MY Gees is, het EK in hulle ingeblaas. Daarom is dit ‘n vergryp teen MY Gees as iemand in sonde leef. So ‘n mens besef dan nie dat hy die Heilige Gees in hom bedroef nie. MY Gees trek HOM dan terug en kan daarom vir hom van geen nut wees nie. Die mens is geneig om homself as regverdig voor te hou, maar MY Gees binne hom kla hom gedurig aan. Wees daarom bly as jy jouself gedurig betrap waar jy jouself ondersoek, want dit is MY Gees wat binne jou ontwaak het en jou aanspoor tot verbetering. Menig mens het al MY Gees in hom gesmoor en kan dus nie meer verbeter nie. Kyk maar na die mense om jou. Niemand gun mekaar iets nie en hulle voel ook nie eers skuldig as hulle hulle naaste tekort gedoen het nie. Maar te bly as niemand dit agter kom nie en sou iemand dit agterkom, sal dit die grootste bakleiery uitlok wat jy nog gesien het. Daarom dat die hofsale so vol is. Niemand gee ag daarop dat die Stem in die binnekant, wat ons die gewete noem, stil geword het nie. Dit is een van die redes dat EK besoeking oor die aarde kom doen. Omdat MY Stem vergeefs roep en roep en niemand meer antwoord gee nie. Dink daaraan en let op en luister of jy nog MY stem kan hoor of dink jy jy is regverdig voor MY Aangesig? Die mens wat geregverdig voor MY Aangesig is, is die een wat MY kom soek en sy sonde aan MY bely sodat EK hom kan vergewe. Dan eers is hy ‘n regverdige; as EK hom met MY bloed afgewas het en hy rein is deur MY bloed.

Kom vra gedurig vergifnis vir jou sondes en EK sal jou barmhartigheid bewys en MY Gees in groter mate oor jou uitgiet. Maar niemand moet ooit dink dat hy regverdig is uit homself nie, want EK alleen maak regverdig. Bedroef daarom nie MY Gees nie, sodat EK nie MY Gees van jou sal onttrek nie en jy in die ewige put afdaal nie.

Al MY liefde vir MY kinders wat MY in alle erns soek.

# Hoofstuk 17

### *Geen regverdiging sonder MY nie. Nederigheid en liefde*

EK is ‘n ewige GOD en wie MY soek, sal die ewigheid vind. Dit is hoekom jy MY elke dag met alle erns moet soek, sonder ophou en EK sal jou die ewigheid gee. Wie MY soek, sal ook al die ander vind wat hy nodig het. Wees net vir MY lief en jy sal alles vind wat jy nodig het vir die lewe op aarde en die lewe hierna. Daar is by MY geeneen wat regverdig is nie, want die regverdigheid gaan uit MY uit. Die mens wat homself regverdig, is sonder MY toestemming ‘n mens wat homself aanmatig en dan is hy nog meer ongeregverdig. Wie na MY soek met sy hele hart en siel sal deur MY bloed gesuiwer word en dan is hy eers geregverdig. Wees altyd bly omdat MY bloed bevry. MY bloed het op Golgota gevloei en sonder krag was EK, want MY Vader het MY verlaat. Maar vol van krag het EK geword toe EK na MY dood weer met MY Vader verenig is. En daarin lê die regverdigheid - dat iemand deur MY bloed, wat vrylik op Golgota gevloei het, rein geword het en skoon gewas is. Maar dink nie dat jy sonder sonde is nie, want jy is nog steeds ‘n mens. En mense is materie, behalwe MY Gees wat in hulle is en hulle siele wat eens van MY uitgegaan het. Dink daaraan dat EK ‘n offer aan julle gedoen het en julle moet julle ook aan MY offer. Dan sal dit ‘n welgevallige offer voor MY aangesig wees, wat EK nie kan weier nie. Die offer wat julle moet bring, is julle harte vol liefde vir MY en julle naaste. Naasteliefde word hoog op prys gestel, want dis hoe julle MY dien. En julle moet dien en nie gedien wil word nie, want daarin lê die heerssug. En heerssug is ‘n onderafdeling van hoogmoed. En hoogmoed is die vrug van die bose. Die boosheid van hoogmoed oorskry alles, want uit hoogmoed vloei heerssug, eersug en alles wat die siel skaad en valse opheffing, want so iemand wil graag ‘n afgod van gemaak word. Hy wil raakgesien word - op die voorgrond tree en ‘n sê in alles hê. Daarom kan EK nie genoeg klem lê op die nederigheid nie. Nederigheid maak van die mens ‘n engel op aarde.

Sonder nederigheid kom jy nêrens. Dit is - geestelik nêrens. Aards sal jy vêr kom sonder nederigheid, maar by MY kom jy nêrens daarsonder nie. EK was nederig toe EK as mens op aarde gewandel het. EK, die Skepper van die heelal kom na die aarde en leef tussen julle mense as medemens, sonder enige hoogmoed. Sonder enige pretensies was EK hier tussen julle en dit moet vir julle as voorbeeld dien, dat Die Koning van die eeue, ewig soos EK is, in ‘n mensegewaad hier was en rein soos ‘n kind was EK. Geen aangeplakte maniere om mense te beïndruk. EK is soos EK is en niemand kan dit verander nie. EK het nie aangepas om mense se gevoelens te spaar nie. Daarom wil EK hê julle moet wees soos julle is - binne MY orde en niemand moet jou voorbeeld wees, behalwe EK nie, omdat iemand anders ook foute het. Dink aan MY opregtheid, vriendelikheid en die vrede wat EK gebring het in MY kinders se harte. Daar het liefde geheers waar EK was en nog steeds heers die Liefde waar EK is. Ken die boom aan sy vrugte. ’n Boom vol liefde sal liefdesvrugte dra; liefdesvrugte wat lewe wek. Maar giftige vrugte hoort by slegte bome en daar is EK nie. Wees MY gehoorsaam en hê MY lief. Die liefde laat julle alles verstaan. Beoefen net die liefde.

Amen

# Hoofstuk 18

### *“Dink aan MY bloed wat op Golgota gevloei het, aan MY deurboorde sy en dink dat EK dit in liefde gedoen het”*

Dink aan MY in die dag van more. EK wat liefde is, sal julle nooit verlaat nie. En in die tye wat kom, wat bitterlik gaan wees, sal EK julle trou bewaar. Julle wat almal op MY skoot kom sit, sal EK uit groot gevaar bevry. Wees MY getrou en bewys barmhartigheid aan ander, sodat EK julle met barmhartigheid kan vergeld. MY barmhartigheid is eindeloos net soos EK en sonder dat julle dit besef of weet, is elke daad van julle in MY opgeteken en in die dag van nood sal elke daad van julle op die lappe kom. Die van julle wat goeie dade gedoen het, sal vergeld word daarna en die wêreld sal vergeld word na sy slegte dade.

Wees daarom altyd bereid om jou naaste te help, sodat EK ook ‘n reddende hand na jou kan uitsteek in die komende tye. Dink aan MY liefde vir MY mense wat MY uit hulle harte liefhet. Hulle wat MY dag en nag soek. EK sal hulle in MY arms optel en hulle na veiligheid lei, al loei die stormwinde om hulle heen. Aan MY Vaderbors sal hulle kom rus en ons sal gesels, soos ‘n Vader met sy geliefde kinders, soos `n broer met sy medebroers.

Dink nie daaraan dat julle sondige mense is nie, maar dink aan MY bloed wat op Golgota gevloei het, aan MY deurboorde sy en dink dat EK dit in liefde gedoen het. Deur die lewe op aarde het EK as voorbeeld gedien vir mense op alle plekke in die heelal en niemand het eers ‘n idée van hoe groot MY verlossingswerk is nie. Weereens wil EK die mense uitnooi om na MY verlossingswerk te kom kyk met

nuwe oë en dan sal julle self agterkom hoe ‘n groot genade dit van MY was en nog steeds is, want duisende der duisende siele is gered deur die swaar las wat EK vir almal gedra het. Groter liefde is daar nie as dat iemand sy lewe aflê vir miljoene mense nie. Wees nie ‘n swaap wat deur satan verlei word nie. Wat het hy vir die mensdom gedoen om eer te verdien? En tog kry hy al die eer en verheerliking en dit terwyl hy sorg dat miljoene in die diepste dood vasgekluister sit. Hy roof siele en moor hulle uit. Misdadigers op aarde word op wrede wyses om die lewe gebring, maar satan word vereer vir sy vuil dade. As julle kon ruik hoe hy stink, sou julle, julle neuse toegedruk het en weggehardloop het, maar nou is julle siele nog doof en blind en julle kan nie ruik nie, want hy het julle verblind deur die rook van sigarette wat vrylik beskikbaar is en so het hy julle stadig maar seker gewoond gemaak aan sy vrot reuk wat julle sal laat brul van pyn hierna. Daar is nie een mens wat die satan kan oorwin deur sy eie krag nie. Daarom moet julle krag van MY kom haal, sodat julle die verleier kan weerstaan. Sonder MY krag is julle niks en tot niks in staat. EK hou die heelal vas met MY krag alleen. Slegs ‘n gedagte kan alles vernietig, maar dit sal EK nooit doen nie, omdat EK nie skep om te verwoes nie, maar om te red. Daarom sê EK weer dat julle nie ‘n idée het van MY groot redding wat EK bewerkstellig het deur MY sterwe aan die kruis nie. Die een wonderwerk na die ander het plaasgevind deur MY kruisdood en wat in die hiernamaals gebeur het, sal EK op ‘n ander geleentheid deur MY skryfknegte aan julle bekend maak.

MY skryfknegte is mense net soos julle, met sondes en vertwyfelinge en daarom ook van MY afhanklik vir alles wat aan julle gebring word. Maar wees bly dat daar iemand is wat bereid is om dit aan julle te bring. Dra hulle in alle liefde in julle gebede op sodat dit vir julle en hulle tot seën kan strek. Dink dat sekere mense laste het om te dra waarvan andere nie bewus is nie en moenie klippe gooi en veroordeel nie, want julle verstaan nie altyd alles nie. Die een kan die ander nie opsom deur na sy uiterlike te kyk nie. ’n Mens wat in sy liefde tot MY ontbrand, wys dit net vir MY en dit is nie nodig om aan almal te vertel hoe lief hy MY het nie, want EK ken sy hart. Hulle dra julle in hulle harte aan MY op, al sê hulle julle niks en dis ook nie nodig nie. Hulle loop nie met hulle harte op hulle arms sodat almal dit kan sien nie. Dis ‘n persoonlike saak wat net MY aangaan. Wees daarom vir MY ‘n welgevalle offer en dra jou medemens net in jou hart aan MY op en jy sal sien hoe EK jou gebed verhoor. Alles word deur MY gerig en niemand het ‘n invloed op MY besluite nie, maar hy wat na MY in liefde kom en vra soos ‘n kind ‘n vader kan MY hart versag en EK sal alles doen om hom of haar tevrede te stel en gelukkig te maak. Daarom sê EK dat die liefde alles is, want jy kan MY met die liefde in jou hart om jou pinkie draai, mits dit in MY orde is en EK daarmee tevrede is. Dit is die riglyne van die lewe. Volg dit!

Amen

# Hoofstuk 19

### *Die pad van die gevalle siel deur die skepping*

Daar is in MY grote skepping nie nog so ‘n plek soos die aarde nie. Daar is nie so ‘n groot verskeidenheid van lewe en skepsels op ‘n ander planeet nie. Ja, daar is lewe op ander planete, maar dis weggesteek vir julle, tot die tyd aangebreek het om hierdie geheim met julle te deel! Julle sou dit nie vroeër geglo het, as dit aan julle meegedeel is nie, daarom het EK dit raadsaam geag om julle nou in te lig, sodat julle nie eendag kan sê dat julle nie geweet het nie. Daar is ook mense op ander planete en hulle lyk min of meer soos julle. Die verskil is net dat hulle baie mooier is as die bewoners van die aarde. Die bewoners van die ander planete het nie die swaar laste wat julle op aarde moet dra nie en daarom word hulle ook nie oud en afgeleef soos julle nie. Die oudstes onder hulle is, ten spyte van hulle ouderdom, nog springlewendig en kan julle jonges in alles oortref. Maak nie ‘n fout nie, dit is ook baie mooier as hier op aarde. Julle sal nou vra: ”Maar hoekom word ons nou eers daarvan ingelig? ” Dit is omdat julle dit nie vroeër kon verdra nie, want julle het nog nie so ernstig na MY gesoek nie en daarom was julle siele nog nie in staat om in MY groot geheime ingewy te word nie. Maar noudat julle na MY soek, verander julle siele en julle word ryper en meer ontvanklik vir MY Groot Wysheid. Dink aan MY Groot Genade en Ontferming oor julle en luister voort.

Duisende jare gelede het julle MY verlaat om agter Lucifer, wat MY engel van lig was, aan te loop en daardeur het julle van MY afvallig geword en MY ontsettend bedroef. Dit was nodig om julle tot besinning te bring en julle terug te lei na die Vaderhuis, waar julle vandaan gekom het en daar was sekere dinge voor nodig om julle te laat besef wat julle gedoen het. Die mens se siel bestaan uit miljoene deeltjies wat alles deel van julle was, toe julle nog by MY was. Maar met julle afval van MY, moes EK daardie deeltjies almal uitmekaarhaal en na verskillende plekke stuur om gereinig te word en MY weer waardig te word. Die verskillende planete is toe geskep om julle deeltjies te kan bevat. In elke planeet sit miljoene der miljoene deeltjies. Ook op aarde is die deeltjies versprei in alles wat julle om julle sien. Die hele planeet bestaan net uit deeltjies van MY gevalle engele wat nog besig is om hulle weg na MY terug te

vind. Selfs die mense om julle is engele wat hulle weg na MY moet terugvind. Skokkend, nê? Wat dink jy van jouself? Waar kom jy vandaan? Is jy net geskape as ‘n gier of ‘n gril van ‘n Hoër Hand wat daarvan hou om julle dop te hou? Nee! MY Liefde strek te vêr daarvoor en EK het genoeg om MY mee besig te hou as om so-iets te doen. Dit is baie vêr van MY om mense net as marionet poppe aan te hou vir MY plesier. Alles het ‘n doel en so ook julle en julle bestaan. Julle bestaan hier op aarde is vir julle van baie groter waarde as die bestaan op ander planete waar hulle MY nooit as ‘n Vader mag aanroep of aanskou nie. Net die bewoners van hierdie aarde het die voorreg om MY kinders te kan word en hulle waardeer dit nie. Hulle gaan voort asof hulle jare se tyd het om te verkwis en dink nie daaraan dat hulle eens van MY uitgegaan het nie. Julle is die planeet van liefde wat EK bitter graag terug wil bring in MY Vaderhuis, maar julle weet dit nie. Dis waarom dit nou tyd geword het om julle in te lig oor julle bestaan. Maar terug by die deeltjies: Die miljoene deeltjies van ‘n enkele engel is deur MY in die skepping vas “gemaak”. Dit kan nie uitkom alvorens dit nie MY wil is nie. Dit is die kluistering waarvan gepraat word. Al die skeppingsfases wat julle om julle sien is deeltjies van een of ander engel. Die deeltjies is eers in die hardste materie gekluister soos bv. asbes, graniet, koper, yster, en allerhande metale. As die deeltjies in die metale sagter en nederiger geword het, kan hulle oor gaan na iets sagters. Die sieledeeltjies is lewendige “stukkies” in die metale en ander skeppingsfases en sodra hulle ophou om hulle teen MY en MY orde te verhef, kan hulle vrygelaat word en na iets sagters en beters gaan. Daarom is minerale soos yster so hard, want dit is die verharding van die sieledeeltjies teen MY. Sodra hy dan sy weg deur al die metale en minerale gewerk het, kan hy oorgaan na die plantewêreld waar hy daar ook sy weg opwaarts werk tot hy deur al die plante gegaan het. Die sieledeeltjies van een engel is dan weer besig om hulle stadig maar seker weer bymekaar te voeg, nadat hulle vrygestel is uit die fases waarin hulle was. Daarna kom die dierelewe aan die beurt wanneer al die plante deurgegaan is. Dit is ‘n proses wat jare der jare duur. Die opwaartse beweging na MY word stadig hervat, totdat al die dierefases deurgewerk is en die deeltjies hulle weer bymekaar gevoeg het en nou gereed is om in die vorm van ‘n mens bymekaar te kom. Dit is daar waar die verwekking van ‘n mens ‘n rol speel in die opwaartse ontwikkeling tot by MY. Deur verwekking, gaan die sieledeeltjies as ’n geheel in die vorm van ‘n mens en word as ‘n klein baba die wêreld ingebring. Sy vorige fases en ervaringe word dan uit sy geheue uitgewis en hy of sy kom as ‘n nuutgebore mens op die aarde voort. Dit is nou waar die volle verantwoordelikheid op hom rus om weer met MY, sy Skepper te verenig, om weer na die lang pad, weer terug te kom tot in die Vaderhuis. Dis waarom dit so belangrik is om MY met jou hele hart te soek, want jy het ‘n onmeetlike vêr pad gekom om tot hier te kom.

Die Vaderhuis is nou net om die draai en as jy jou kaarte reg speel, soos julle geneig is om te sê, is julle al amper daar. Al wat nou nog van julle verwag word, is om MY met julle hele hart, siel en wese te bemin en dan is jy weer na eeue se skeiding weer by MY en in MY arms sal jy rus na die lang en vermoeiende pad. Soos ‘n vader sy verlore seun weer terug gevind het, so het EK julle dan weer teruggevind en saam met MY sal MY engeleskaar feesvier, want een van MY verlore, beminde kinders is weer tuis. Nou verstaan julle ook die gelykenis van die verlore seun, waaroor daar in die Bybel geskryf staan. Soek MY daarom soos wat die verlore seun weer terugverlang het na sy vaderhuis en EK, as julle Vader, sal julle met ope arms ontvang en daar sal feesgevier word soos nog nooit tevore nie. Dink aan die gelykenis van die verlore seun en julle sal baie wys word uit ‘n gelykenis wat julle nog nooit regtig verstaan het nie. Julle Vader wat vurig en verlangend op julle tuiskoms wag is EK.

Amen

# Hoofstuk 20

## *Wedergeboorte*

Na die gelykenis van die verlore seun, kan ons nog ‘n stappie verder gaan en dit heet die wedergeboorte. Menige mens wat in die kerk sit en nie vir homself kan dink nie, sal alles nou in die stryd werp om homself te verdedig in die bewys daarvan dat hy ‘n “wedergebore Christen “ is. Hy is salig onbewus van die betekenis van wedergeboorte en weet absoluut niks daarvan af nie. Maar hand en tand sal hy veg, as jy aan hom moet sê dat, ten spyte van sy geloof daarin, hy glad nie wedergebore is nie. Wedergeboorte is ‘n proses wat nooit ophou terwyl jy op aarde is nie. Hier en daar is iemand wat dit bereik in mensegedaante, maar die mense is baie skaars, want die ware en tere liefde vir MY is die basis daarvoor en niemand het so ‘n liefde vir MY nie. Sou iemand so ‘n liefde vir MY gehad het, sou hy die wedergeboorte bereik het. Daar is in MY skepping op aarde slegs `n geringe hoeveelheid van mense wat dit bereik. Die meeste mense kan dit eers bereik as die siel van die liggaam geskei het in die liggaamlike dood. Wat is wedergeboorte dan?

Dit is die totale eenwording met MY, julle Vader en Skepper van alle eeue. As jou siel MY liefgekry het, groei jy nader aan MY totdat Ons later Een word, maar min mense kry dit reg, want dit vereis totale oorgawe aan MY en losmaking van die wêreld. Die meeste mense is so vas aan hulle aardse besittings en kan daarom nie loskom om MY te dien nie. Die gemiddelde kerkganger is vas oortuig daarvan dat hy MY dien, maar wat hy nie besef nie, is dat hy sy kerk dien, in plaas van MY. Kerke is instansies wat, baie slim, vir MY gebruik as geldmaak-artikel. Die lidmate is vas oortuig dat hulle MY dien as hulle geld aan die kerk skenk wat dit vir “goeie gebruik” aanwend. Vertel jy so ‘n eerlike kerkganger dat hy eintlik die god van Mammon ondersteun, sal jy as ketter uitgekryt word wat nie respek vir Die Here het nie. Hulle dink dat EK te vinde is in ‘n leë gebou met ‘n walglike reuk. Die enigste gebou waar EK te vinde is, is in julle harte. Maar terug by die wedergeboorte. Die wedergeboorte begin eintlik as jy jou hart onvoorwaardelik aan MY gee. Dan begin jy ‘n pad saam met MY te stap tot by die Vaderhuis. Dit is ‘n pad vol dorings en distels, maar EK stap al die tyd saam met jou en lei jou saggies heen oor al die gate. Die hoogtes maak EK vir jou gelyk en die dale vul EK op, sodat jou pad so gelyk as moontlik kan verloop. Dit is die stampe en stote in die lewe wat dien om jou te reinig en om jou geloof en vertroue in MY te bou. As jy daardeur leer, dien dit tot voordeel van jou siel en jy groei dan vaster aan MY. Soos wat jy groei, lê jy dan die wêreld en sy begeertes af om sodoende rein te word om meer en meer van MY Gees te kan bevat. Die liefde tot MY bring jou vinniger op jou eindbestemming en daarom is dit belangrik om MY lief te hê. EK sal jou koester en vasdruk op jou pad en dit sal jou pad korter maak. Dit sal jou aandag aflei van al die swaar op die lang pad en voor jy sien is jy daar. Maar dit kos ook werk aan jouself. Ondersoek jouself gedurig vir foute en dra dit aan MY op en EK sal jou help en die las van jou skouers afneem terwyl EK jou reinig. Die hele pad is EK by jou en help jou met alles – as jy dit aan MY gee. Daarom is die wedergeboorte ‘n lang proses en nie iets wat jy bereik deur een gebed nie. Niemand is wedergebore na hy MY net een keer gevra het nie. Dit is die eenwording met MY en daarom vat dit baie beproewinge en dinge wat op jou pad kom om jou te kry om van die wêreld af te sien. Maar die doel kan bereik word deur volle geloof in MY en bowe als, die liefde tot MY, julle Skepper en getroue Vader Jahweh.

Amen

# Hoofstuk 21

### *Liggaam, siel en gees*

Na die wedergeboorte kom die liggaam, siel en gees aan die beurt. ’n Kort verduideliking van elk sal volg. Jou liggaam is die opnamehouer van MY Gees. Die liggaam huisves ook die siel wat die persoonlikheid is. Dit is wie jy is. Jou persoonlikheid is in die siel vasgelê en alles wat jy besluit is eintlik die siel wat jou voorsê. Jou liggaam word onderhou deur die siel wat aktief besig is daarmee om jou liggaam in stand te hou. Daarom verrot en ontbind die liggaam na die aardse dood omdat die siel nie meer teenwoordig is met sy onderhoudende eienskappe nie. Wat meer is, is dat alles wat jy dink in die siel vasgevat is en as jy die lewe laat, sal jy agterkom dat jy nog steeds kan dink en handel sonder die liggaam. Die siel is dan vry om te kom of gaan soos sy wil en is nie meer in ‘n dooie en swaar liggaam vasgekluister nie. Die bewys daarvoor lê daarin dat die lewende mens in sy gedagtes baie vêr kan beweeg deur middel van sy gedagtes. Hy kan in ‘n kwessie van oomblikke op die maan wees as hy net daaraan dink. Die siel teenoor die liggaam is vry en ongebonde, terwyl die liggaam net onderworpe is aan die wette van die natuur, bv. swaartekrag.

Die gees binne jou is MY Gees wat as ‘n baie klein deeltjie van MY in jou ingeblaas is die dag toe jy gebore is. Jy het MY Gees in jou, maar dit hang van jouself af hoe jy dit gaan ontwikkel. Ontwikkel jy dit nie, is dit jou lot wat jyself in die hiernamaals vir jou bepaal. Daarom moet jy die Gees binne jou ontwikkel deur die liefde vir MY en jou naaste. Die Gees vermeerder dan tot dit die siel heeltemal oorneem wat dieselfde is as om te sê dat jou wil in MY wil opgegaan het. Die wedergeboorte is dan eers bereik na baie geestelike groei en vordering. Maar dit gebeur maar selde en kan daarom nie as voorbeeld vir die mens dien nie, omdat daar nêrens op aarde iemand te vinde is wat al geestelik wedergebore is nie. MY profete van ouds was almal wedergebore en kon daarom in die toekoms kyk. Hulle was egter NIE fortuin-voorspellers nie, maar kon slegs dit voorspel wat nuttig vir die mense van daardie tyd se geestelike groei was. Die mense is gewaarsku oor ‘n slegte tyd wat sal kom sodat hulle, hulle tot MY kon bekeer. Die Gees sluimer in elkeen en dit hang van elkeen af of hy dit gaan ontwikkel. Hoe ontwikkel jy die Gees binne jou?

Deur selfverloëning, goeie dade aan ander, ware naasteliefde en bo alles – liefde vir MY. Hoe meer jy MY liefhet, hoe meer ontwikkel jou gees. Die gees is ook die stem binne jou wat jou aankla en roep. Moenie die lokstem binne jou “versmoor” deur hom te ignoreer nie, want dit is MY stem en as EK ophou

roep, sal daar swaar tye op jou wag, want EK sal jou dalk nooit weer roep nie. Jy sal dan al hoe meer en meer afvallig van MY word en êrens op die pad sal jy MY verloor om MY nooit weer terug te vind nie.

Die mens het nou ‘n keuse. Sy siel kan kies tussen MY wat die Gees is, of sy liggaam wat die aardse roepstem van verlokkinge is. Die siel haas hom na die kant wat die hardste roep en sal innig verweef raak met die kant wat hy kies. Sorg daarom dat jy die regte kant kies, want die kant wat jy kies gaan jou lot bepaal. Daarom sê EK dat EK nie oordeel nie, maar MY woorde, want hier kry jy MY woord. JY moet nou self kies. Kies jy die liggaam en sy behoeftes dan kies jy die dood. In die vorige hoofstuk het ons gepraat van die kluistering, oftewel die vasgevange deeltjies in die materie (metale en ander fases van MY skepping).

Daardie deeltjies is gekluister, omdat die eienaar daarvan gekies het om nie na MY stem te luister nie. Hy het dus die dood gekies, want alles wat teen MY is, is die dood, want EK is die lewe. Die deeltjies sit vas in die materie en as jy die materie kies, is dit fataal vir die siel, want die siel kan dan nie in die lewe hierna opstaan tot die ware lewe met en in MY nie. JY moet mooi dink wat jy wil hê - die aardse verlokkinge, wat net vir tydelike geluk sorg, of EK wat vir jou ewige geluk kan berei as jy dit begeer. Aardse verlokkinge op sigself is alles wat die liggaam plesier verskaf en daarmee vind daar ‘n band tussen die siel en liggaam plaas en met die dag van afsterwe kan die band nie gebreek word nie. Die siel kleef dan aan die dooie liggaam vas en kan nie opstaan tot die ware lewe nie. Die lewe daarenteen is in MY en MY alleen en daarom is dit raadsaam om eerder vir MY te kies. EK wil jou gelukkig maak en nie hartseer en ongelukkig sien nie en daarom wil EK hê dat jy MY moet kies. Jy sal ewig gelukkig aan MY Vaderbors wees waar jy vir ewig sal leef en dit is dan die volmaakte ewige lewe waarna op aarde gestreef moet word. Dit is hoekom EK aanhoudend waarskuwings en vermanings stuur om julle te kry om die regte besluit te neem, want die verkeerde besluit kan en sal vir jou ewige hartseer en pyn verskaf. Dink vooruit en nie net aan nou se genot nie, want enigiets wat jou nou genot verskaf en jou aandag van MY aftrek, het die vermoë om jou gevange te hou as jy dit toelaat. Dink vooruit en wees wys en moenie dat aardse skyngeluk vir jou besluit nie.

Amen

# Hoofstuk 22

### *Die doop. Neem MY kruis op en EK sal jou las ligter maak.*

Die van julle wat die vorige hoofstukke baie goed begryp het, kan nou verder gaan na die volgende aspek van die Lewe. As jy nie die voriges verstaan het nie, kan jy nou op jou knieë (dit is nederig) kom vra, sodat EK julle harte en verstande kan oopmaak, sodat julle ook die woorde van lewe kan begryp en daardeur gered word. Die volgende punt waarna EK wil gaan is die doop. Almal weet wat die doop is. Of so dink julle. Die doop wat julle ken, is die doop van Johannes met water. Dit is nie die doop waarvan EK praat nie. Die doop waarvan EK praat is die doop in julle harte. Dit is die doop van nederigheid en oorwinning oor die dood. Met MY kruisiging op aarde is die mense deur ‘n vuurdoop. Die wat MY liefgehad het, was onder die indruk dat deur MY net lief te hê, hulle al gereed is vir MY Koninkryk hierna wat EK met MY dood voorberei het. Dit was egter nie so nie. Vir elke mens op aarde is daar sekere dinge wat hy moet deurgaan om MY waardig te word. Dit is die reiniging waarvan gepraat word. Elke een wat sy hart aan MY gee, is verseker van al MY liefde, maar hy moet vir MY ook kan ly. Dit is waarom daar soms dinge oor jou pad kom wat nie lekker is nie. In julle land is daar baie sulke geleenthede om vir MY te ly. Julle verdrukkers sorg dat julle waar maar moontlik kan ly. Kyk maar na die boere en die grondeise. Niks is so onregverdig nie, maar EK laat dit toe en dit gebeur hier en daar dat sekere plekke onteien word. Maar kyk nou wat gebeur met die volk. Die boere kom bymekaar en begin praat. Hier en daar is iemand wat in MY Naam opstaan en die mense probeer moed inpraat deur te verwys na julle volksgeskiedenis waar EK julle voorgeslagte uit wrede barbare se kloue gered het. Maar die meeste gryp na grashalms en probeer geld insamel om te kan hardloop na ‘n mens wat net so min aan die saak kan doen as julle self. Nou begin daar verdeeldheid onder hulle ontstaan oor wat om te doen. Party meen om te verkoop, anders kry jy nie jou grond se prys nie. Ander wil dit weer beveg. Almal gaan onbevredig huistoe. Net om weer oor ‘n paar weke weer vergadering te hou oor niksseggende dinge. Die paartjies wat werklik in MY glo, begin nou vurig te bid en elke keer as die telefoon lui, word daar met vrees en bewing gewonder wat die grondeisekommissaris nou weer besluit het. Maar die een of twee wat ‘n liefdesverhouding met MY het, gaan sy gang asof die wind net daar buite waai, want hy weet, hy’t niks om te vrees nie - EK sy Skepper, Verlosser en tere Vader beveg die saak vir hom. Wat kan ‘n hele wêreld doen as sy PA by hom is? Maar die res is nie so gelukkig nie. Slapelose nagte lê voor en in angs word daar rondgerol met die volgende vrae: Waar gaan ons heen? Wat gaan ons regtig vir die grond kry? Sê nou ons word net sommer uit die bloute onteien?

Watse vrae is dit vir ‘n persoon wat veronderstel is om op sy Skepper te vertrou? Die mens begin nou tog te vinnig aan MY mag te twyfel en in die proses ly sy siel daaraan skade. Hy het vir MY gely. Nie in die opsig waaraan julle dink nie, maar hy het tog gely. Vertwyfelinge maak die hart swaar en daar is nou genoeg op sy hart om sy hart in die grond te druk. Hy probeer sy hart ligter te maak met allerhande aardse plesiertjies soos “kuier”, soos julle dit noem. EK noem dit ‘n dronkparty, maar voort met die strydendes. Plannetjies word beraam, maar niks kom tot uitvoer nie. Op die ou einde van die dag gaan daardie persoon met groot hartseer in sy hart, wat hy met moeite vir sy naaste verberg, huistoe sonder ‘n oplossing. Die ding druk nog swaarder op sy hart. Dit sal so aanhou tot hy besef waar sy heil lê. As hy net in volle geloof en vertroue na MY kom, sal hy soveel anders daar uitsien. Hy sal aanhou ly tot hy sy probleem op MY skouers gepak het.

Die persone wat MY eerste aangeroep het, is met ‘n sagte vuurdoop gedoop, omdat hulle by MY kom skuiling soek het. Hulle staan vas soos ‘n rots op MY, hulle Verlosser en wag. En net soos EK altyd verlos het in die verlede, sal EK weer verlos, maar tot hulle groot geluk het EK al die vuur van die vuurdoop op MY geneem en die pyn soveel minder gemaak as vir die ander wat nog steeds in hulle beddens rondrol. En EK is ‘n GOD wat MY woord gestand doen. EK het gesê: ”Werp al julle bekommernisse op MY. EK sal julle juk sagter en julle laste minder maak. Tel net MY juk op”

Maar die ander het verkies om hulle juk self te dra en MY sagte juk en ligte las wou hulle nie dra nie. Wie se skuld sal dit dan wees as hulle swaar kry en dalk nog hulle gronde in die proses verloor? Beskuldigend sal hulle dan ‘n vinger na MYNE toe swaai en hulle die skuld gee, omdat hulle nie saam hof toe gegaan het nie. Wie sal MY in vandag se regstelsel vind? EK is nie in die hof te vind, waar oneerlike uitsprake aan die orde van die dag is nie en daarom moet julle MY in die stilte van julle binnekamers soek (julle harte). Daar is EK te vind en dit is ook die enigste eerlike hofsaal wat bestaan en daar sal reg en geregtigheid geskied, want niemand hoef op die waarheid te sweer nie. EK ken elkeen se hart en weet tot hoe ver die onskuld strek. Die vuurdoop is ‘n proses waardeur elke mens op aarde gaan en begin al van kleins af. Broers en susters baklei van babatyd af met mekaar en dit is om hulle te leer om die konfrontasies in die lewe wat volg, te hanteer. Dit hang nou van die ouers af om die kinders se fokus reg te kry. Hulle moet geleer word om alle probleme met MY te kom bespreek in die binnekamer van die hart. Daar is nie een persoon op aarde wat nie vir MY moet ly nie en dit gebeur in snaakse dinge om jou. Klein probleempies wat vir jou baie groot lyk, maar wat EK kan omswaai in jou guns as jy dit net uit ‘n vurige hart aan MY opdra. By MY is niks onmoontlik nie en deur dit aan MY op te dra, ruil EK en jy laste. EK neem jou swaar las van jou skouers af en jy neem MY sagte juk en ligte las op jou skouers. Met ander woorde, EK keer die hittige vlamme van die vuurdoop van jou af en jy sal ongeskonde en met die minste skroeiwonde wegstap. Die mense wat nie na MY wil kom om hulp nie, moet self in die vlamme gaan staan waar hulle die volle hitte self moet afkeer. Dit is nie MY kinders wat op MY vertrou se skuld nie. Dit is ook nie MY skuld as hulle nie gehelp wil word nie. Maar die vuurdoop moet elkeen deurgaan om julle te reinig as dit in MY hande oorgegee word. Die wat dit self wil dra, sal egter nie gereinig word nie. Hulle word toegeskroei en is dan nie meer ontvanklik vir MY nie. (hulle verloor hulle geloof in MY) en dan is daar ‘n feller vuur nodig om hulle te probeer reinig. Dit is hoekom party mense kort-kort probleme het. Hulle weier om gereinig te word en klou halsstarrig aan die swaar las vas wat hulle maklik vir MY kon gee. EK is bereid om almal se laste te dra, as hulle dit net aan MY wil afgee. MY kinders, EK het julle so lief dat EK MY lewe vir julle gegee het. Die sware kruis het EK gedra en julle hoef nie ‘n swaar las te dra nie. Neem MY kruis op en EK sal jou las ligter maak.

Amen

# Hoofstuk 23

## *Die naaste. Die doop*

Daar is vandag ‘n paar dinge wat EK julle op die hart wil druk. Die eerste is: Wie is jou naaste? Die naaste was al jare ‘n strydpunt in menige mens se hart. Is dit die man wat langs jou op straat loop of die bedelaar wat om kos kom vra? Wie is dit? Die vraag is baie elementêr en kan in die volgende sin beantwoord word. Elkeen wat minder as jy het is jou naaste. Dit is natuurlik in jou eie volk. Ander volke is nie nou ter sprake nie. Die persoon wat kom vra is jou naaste en jy is weer die naaste van iemand wat meer het as jy. Afgesluit. Die volgende is weer die doop. Moet mens met water gedoop word? Nee, dit is ‘n ritueel wat deur mense uitgevoer word wat vir MY geen betekenis het nie. Wat kan water aan jou sieleheil doen? Dit is die doop met MY Gees wat belangrik is. Wat help dit jou dat jy in ‘n bad geklim het en met water afgespoel is? Is die sonde nou uit die hart gereinig daardeur? Nee, stellig nie. Dit is net EK wat kan reinig en jy word deur MY gereinig. Deur MY Seun wat die Wysheid is, deur MY wat die Liefde is en deur MY Gees wat die Krag is. Nie deur krag (menslike krag) of deur geweld nie, maar deur MY

Gees, het EK gesê en niks wat ‘n mens met uiterlike gebare doen, kan iets daaraan verander nie. Die norm van vandag waar daar ‘n klomp mense gelyk in ‘n swembad klim om die sogenaamde doop te ontvang is vir MY ‘n gruwel. Dit is net in jou hart waar jy gedoop kan word. MY Gees is nie uiterlik nie, maar werk diep innerlik. Dink daarom nie dat jy nou gered is as jy deur water gedoop is nie. Die doper is in elke geval nie deur MY geroepe nie. As hy was, sou hy geweet het wat die ware doop is. Streef daarna om deur MY Heilige Gees gedoop te word. Dit is die redding vir jou siel. Word MY waardig, sodat EK met MY Gees kan kom en jou vul, dan is jy volwaardig gedoop.

Amen

# Hoofstuk 24

### *Slim en geleerd beteken niks, `n rein hart is alles*

Daar is vandag baie slim en geleerde mense oral op die aarde. Die mense is eintlik wêreld geletterdes en geleerdes. Universiteite en kolleges loop oor van studente en mense wat net probeer om ‘n graad agter sy naam te kry. Nou wil EK die volgende weet? Wat het die slim geleerde se sertifikaat en graad met MY te doen? Sal dit vir hom voordeel by MY bring?

EK sê nie dat ‘n mens niks op aarde moet verwerf nie, maar wat beteken die een graad na die ander vir jou sieleheil? Gaan jy eendag na ‘n beter plek toe as jou ongeletterde broer wat langs jou staan? Wat het die geletterdes wat die ongeletterdes nie het nie? EK sal julle sê: ‘n Baie groot kop, soos julle gewoond is om te sê. En dit is glad nie voordelig nie. Dit is eintlik baie nadelig, omdat hulle dan ongebalanseerd is en maklik tot ‘n val kan kom. Die ongeletterde kyk na MY vir hulp, terwyl die slimgeleerde op homself staatmaak. Die probleem kom dan nou in dat die groot kop so swaar is om heen en weer te draai, dat hy glad nie na sy naaste langs hom kan kyk nie. Die kop moet dan te alle tye met die neus in die lug gehou word. Dis waar die term “neus in die lug“ vandaan kom. Die ongeletterdes daarenteen kan om hulle kyk en die swaarkry van hulle naaste raaksien. Hulle kan dan ‘n helpende hand uitsteek sonder om te vrees om van balans af te raak. Dit is hoekom EK sê: Wees nie te slim in julle eie oë nie. Deur te slim te wees, blok julle MY Gees heeltemal uit en dan kan MY Wysheid nie in jou posvat nie, want jy is te vol van jou eie drek. Drek is die term om te gebruik, omdat die mens hom besig hou met dinge wat MY glad nie welgevallig is nie. In plaas daarvan om om jou te kyk na mense wat jou hulp nodig het, kyk jy net na jouself. In die hedendaagse lewe is ‘n sertifikaat van baie belang. By MY is alle sertifikate van nul en gener waarde en al wat by MY tel is ‘n rein hart. As daar ‘n slim geleerde in MY Naam leef en MY liefhet met sy hele hart is hy MY welgevallig. Dit het niks met sy kwalifikasies te doen nie. Al wat EK begeer en EK sê dit die heeltyd, is ‘n rein hart wat MY toegeneë is. Dan kan die persoon maar ‘n vuil broek aan hê. Dit sal aan MY Liefde vir hom niks verander nie. Reinig julle harte en nie julle klere nie, wat soveel wil sê as, moenie julle teveel aan die uiterlike steur nie, maar werk aan julle innerlike. Reinig julle harte sodat EK met MY volheid intrek daarin kan neem. Daar is by MY niks so sleg soos die hoogmoed nie. Nie baie geld, mooi besittings of ‘n mooi uiterlike is vir MY welgevallig nie. Net ‘n rein hart wat na MY soek. Eerlike, opregte gebede is wat EK verhoor en nie aangeplakte mensbehagende gebede wat daarop uit is om die mens te roer en te prikkel vir persoonlike voordeel nie. Dit is vir MY ‘n gruwel en EK sal dit uitwis met MY Krag waar EK kan. Waar EK kan is soveel gesê as dat EK sal reinig sover die mens MY toelaat. Julle mense sien julleself nie soos EK julle sien nie en wat gering is in julle oë, is groot onreinheid in MYNE. Werp daarom alle vuil dinge van julle af, sodat EK julle kan vul en so sal julle ook die vuil en onreine in dinge raaksien. Dit is ‘n groot voorreg om met MY te kan wandel, omdat julle as aardbewoners, die enigste mense in MY heelal is wat MY kinders kan word. Moenie julle kanse verspeel nie, omdat jy nie maklik weer ‘n kans sal kry nie.

Die Ewige Vader en Herder roep julle na SY Bors om julle te omhels met al SY Liefde.

Al die lof en al die eer kom MY toe, want EK is die EEN wat red waar daar nie verlossing is nie. Dink elke minuut en elke sekonde aan MY en EK sal julle tegemoetkom. Babatjies in die gees is wat EK soek en nie slim wyse manne wat MY in wysheid wil oortref nie. Want die dag as ons saam raad hou, sal hulle wysheid hulle skandelik in die steek laat

En hulle sal moet erken dat die wysheid alleen MYNE is. Daarmee is dit afgehandel.

Amen

# Hoofstuk 25

### *Wellus*

Die volgende is ‘n baie netelige sakie en kan eintlik net met die volwassenes bespreek word. Dit gaan oor wellus. Wellus is ‘n term wat baie keer verkeerd opgeneem word. Dit beteken nie net dat jy jou

naaste se vrou begeer nie, maar selfs jou eie vrou. Jy sal jouself betrap dat jy met vurige oë na ‘n vrou kyk en sonder dat jy dit besef is jy besig met owerspel. Wat EK wil hê is rein harte en daarom word hierdie hoofstuk behandel. Dit geld vir beide geslagte. Die geslagsdaad het EK geskep sodat die mens homself kan voortplant. Wat ‘n noodsaaklike en reine daad was, is heeltemal uit verband uit geruk en kan nie meer vir dieselfde doeleindes gebruik word nie. Die mens is so ‘n onrein skepsel en alles wat EK rein gemaak het, ontheilig hy. Dit is omdat die mens sy ore laat uitleen aan die satan. Geeneen van julle kan daarop aanspraak maak dat hy nog nooit wellustig was nie. Dit is iets wat EK nou duidelik wil maak. Wellus is ‘n begeerte van die vlees en kan daarom nie voordeel vir die gees bring nie. Behalwe vir voortplanting, is die geslagsdaad oorbodig en ‘n mors van kosbare energie, wat aangewend kan word vir geestelike ontwikkeling. Daar is die onder julle wat sal sê: Waarom is ons dan geskape met so ‘n drang? Dit kan tog nie sonde wees as ons so geskape is nie? Maar EK sê: Hoe kan jy meester word oor iets, as jy nie daaraan blootgestel is nie? Hoe kan jy die liggaamlike drange en begeertes oorwin, as jy nie sulke drange het nie? Julle moet rein lewe en dit beteken soveel as om in jou binneste te lewe. Nie uiterlik nie. Die wêreldlinge leef uiterlik. Kyk maar net om jou heen en jy sal sien dat die klem die hele tyd op die uiterlike gelê word. Kleredrag moet stylvol en smaakvol wees - maak nie saak of dit onkuis of uitlokkend is nie. Daar is niks respek vir die liggaam wat die tempel van MY Gees is nie. Daar is vandag nie iets op die mark wat nie gerig is op die liggaam nie. Voertuie word so luuks as moontlik gemaak, sodat die liggaam behaag kan word. Vliegtuie is ontwerp sodat die mens heen en weer kan vlieg en besittings kan verwerf. Dink maar net aan alles wat jy kan koop in vandag se winkels. Niks is op die gees gerig nie, dit gaan alles net oor die vlees. Mense dink nie daaroor na nie. Jy is mos geskape met ‘n liggaam en daarom moet hy mos behaag word! Maar as jy stil gaan sit en dink waarom jy ‘n liggaam het, sal jy baie daaruit leer. EK is hier om jou te help met MY Vaderliefde en daarom sal EK jou sê waarom jy ‘n liggaam het. Die liggaam is ‘n toets wat jy moet deurstaan om eendag gees te kan word. Jy moet leer om, ten spyte van drange en begeertes, in die gees te leef. EK weet dit is baie moeilik, want EK was ook eens op aarde as ‘n mens. Dit sal vir julle moeilik wees om te glo, dat EK ook drange gehad het, maar met MY Vader se hulp – wat die Liefde is, het EK alles oorwin en as oorwinnaar uit die stryd getree. Dink nie dat EK sonder drange gebore was nie, want dan maak jy ‘n fout. As EK sê dat EK verstaan hoe dit voel om ‘n liggaam te hê, dan bedoel EK dit. Dit is ‘n netelige saak en elkeen moet dit goed oordink, dat elke keer as jy geslagtelike gemeenskap het, sonder die doel om kinders te verwek, jy toegee aan die liggaam se begeertes en dit maak dat die liggam sterk word in sy begeertes en die siel ‘n hegte band met die liggaam smee wat nie maklik gebreek kan word nie. Daar is alreeds in ‘n vorige hoofstuk gepraat van die liggaam, siel en gees en daarom is dit onnodig om verder daaroor uit te wei. Onthou net dat die siel aan die liggaam verknog raak deur aardse plesier en genot en dat sy moeilik van die liggaam skei na die dood en dit beteken dan die ewige dood. En EK wil hê dat MY kinders moet opstaan tot die ewige lewe met en in MY, want EK het julle lief. Arm in arm wil EK met julle wandel en EK wil julle omhels met ‘n vurige omhelsing van MY Vaderlike Liefde. Dink daarom na voor jy weer iets doen wat teveel plesier aan die liggaam verskaf en dink daaraan dat EK julle vandag gewaarsku het. EK wil julle help en dra julle deur moeilike tye as die liggaam neig om te sterk te word. Dra dit in die gees aan MY, julle Verlosser en Vriend en tere Broeder op. EK SAL julle help waar julle gehelp wil word. Julle moet MY net die geleentheid gee en EK sal julle tot rein skepsels omskep wat MY waardig is. En EK sal julle tot MY rein kindertjies, waarvoor EK baie lief is, omskep. Wees MY net toegeneë in julle harte. Maar daar waar MY hulp nie gevra word nie, sal EK ook nie help nie, want julle is vry om te maak soos julle wil en EK respekteer julle vryheid. Maar julle moet MY ook respekteer as julle Vader en Verlosser, wat niks aan julle sê wat nie vir julle tot voordeel strek nie.

Amen

# Hoofstuk 26

### *Opvoeding van kinders*

Die onderwerp waaroor ons nou gaan gesels, is die opvoeding van kinders. Meeste van julle wat MY woorde hier lees, het kinders. Die kind is ‘n skepsel wat aan volwasse mense toegeken word sodat hy omvorm kan word tot ‘n grootmens wat MY waardig is. Ongelukkig het kinderopvoeding in die niet verdwyn in die meeste gevalle. Die ouers dink dat deur vir die kind alles te gee wat hy begeer, hy die kind van sy liefde vir hom of haar oortuig. Niks is meer verwyderd van die waarheid nie. Die kind is, net soos sy ouers, ‘n mens van vlees en bloed en daarom kan sy siel ook verknog raak aan aardse plesiertjies. Speelgoed is vandag gemik daarop om die kind se siel met geweld te skaad. Die ouers is so oningelig, dat hulle nie besef wat hulle kinders doen nie. Daar is vandag demoniese speelgoed vrylik op die rakke beskikbaar en menige kind het so iets uit die bose in sy kamer. Waar kan MY Gees plek kry in

so ‘n kind se hart, as hy al van kleins af sy lewe en strewe met demone deel wat niks vir die kind voel nie? Hulle is daarop uit om nog een vir die hel te verwerf en sonder dat die ouers dit besef, gee hulle, hulle toestemming, want hulle is verantwoordelik vir die kind se opvoeding. Dit is onder andere van hulle waar daar gepraat word, toe EK gesê het dat ‘n meulsteen om sy nek gebind moet word. Dit is beter dat die ouer alleen in die verderf gaan as dat hy die kind saam met hom trek. Kinders is kosbare wesens, wat ook MY kindertjies is. Hulle is nie die eiendom van die ouers alleen nie en is daarom ‘n baie groot verantwoordelikheid. Moenie dink dat jou kind sy eie sieleheil moet uitwerk nie. Dit is jou, as ouer se plig om hom of haar dit daagliks in te skerp oor die verantwoordelikheid wat hy of sy teenoor MY het. Hoe kan jy verwag om ‘n kind eers in sy vroeë tienderjare van MY te leer, terwyl hy klaar gevorm is? Skerp dit hom in, elke dag en sonder ophou moet jy vir jou kind bid, want die wolwe en jakkalse daarbuite lê en loer op vars bloed wat hulle kan verslind en angstig wag hulle op nog ‘n siel wat hulle saam met hulle kan aftrek na benede. En as hulle eers benede is, hoe gaan jy as ouer dit regkry om hom daaruit te kry? Die bose is baie feller op kinders as op volwassenes, omdat hulle maklike prooi is. As die kind eers eenmaal die oortreding begaan het om van MY afvallig te word, is dit baie moeiliker om hom tot besinning te laat kom, omdat kinders nog nie die verantwoordelikheidsbesef het wat ‘n volwassene het nie. Daarom is dit belangrik om ‘n kind van geboorte af aan MY op te dra en EK sal MY Hand oor hom of haar hou in sy grootword proses. ’n Kind moet leer om rein te speel van kleins af, deur vir hom speelgoed te gee wat hom van MY leer bv. blokkies. Dit leer hom dat daar ‘n sekere orde in MY skepping is en ook om konstruktief te wees en nie destruktief nie. Hy leer ook van swaartekrag en die ouer moet aktief met die kind speel en hom vertel van MY skepping terwyl hy speel. Dan sal julle kinders welgevallig wees en ordentlike volwassenes word. Hou enige speelding weg wat daarop gemik is om die kind van ydelheid te leer. Dogtertjies word ongelukkig baie gou van ydelheid geleer omdat mamma haar altyd optof en van kleins af word daar grimering aan die onskuldige gesiggie gesmeer. Die klem word dan al klaar op die uiterlike gelê en binnekort sal sy begin oplet na haar maats se kleredrag en hare en sy sal haarself met hulle vergelyk. Is hulle nie mooier as sy in haar eie oë nie, word hulle dit in geur en kleur vertel wat dan weer ‘n reaksie by hulle ontlok. Hulle probeer dan om haar te oortref met mooier klere as sy en dit wek wederkerige jaloesie. As sy besef een van haar maats is mooier as sy, is die gort behoorlik gaar. Ma en Pa moet dan net geld uithaal sodat sy beter besittings kan hê as haar maat. Dit is ‘n euwel van vandag dat ouers met hulle mooi kinders wil spog. Die dom ouers maak van hulle kinders opregte duiwels wat geskik is vir die hel, nog voor hulle ses jaar oud is. Hou op om jou kind vol te pomp met aardse ydelheid. Skoonheidskompetisies is reg uit die hel en is net daarop uit om die kind se selfbeeld te bederf, want die kind wil altyd die mooiste en maerste en bes geklede persoonlikheid wees. Niks van MY is daarin te bespeur nie. Skoonheid is NIE ‘n talent wat nie onder ‘n maatemmer weggesteek moet word nie. Verberg eerder jou kind se aardse skoonheid en leer hom of haar dat die werklike skoonheid die gees binne hulle is. Dan sal julle kinders welbehaaglik voor MY aangesig wees en EK sal kom met MY seën. Die kind wat MY welgevallig is, is ‘n reine onskuldige kind en EK kan hom/haar maklik met MY Gees vervul en dit kan net vir hom/haar ‘n aanwins wees op die lewenspad wat voorlê. Hê julle kinders in MY lief en nie in die wêreld nie en hulle sal julle tot seën strek.

Amen

# Hoofstuk 27

### *Die kerke in Suid-Afrika*

In die volgende hoofstuk gaan ons gesels oor die kerke in Suid-Afrika. Menige kerkganger gaan nou regop sit en met ‘n vurige hart en ‘n vurige kyk in sy oë, gaan hy sy kerk verdedig. Luister mooi, voordat jy opspring, die boek neergooi en nie verder lees nie. Julle in Suid-Afrika is MY volk en daarom moet julle heilig en afgesonder leef. Die kerke daarenteen verkondig aan julle stommerike dat julle almal moet akkommodeer, anders het julle MY nie lief nie. Anders leef julle nie in naasteliefde nie. Dit is nie die waarheid nie. Dit is een van die leuens wat in die kerke heers vandag. Moenie dat julle mislei word nie. Julle het MY Gees binne julle harte. Gee gehoor daaraan as EK jou roep en EK sal jou die waarheid leer en nie valse leerstellinge van mense nie. Dit is vandag die norm om in ‘n kerk te wees waar MY Naam niks beteken nie. EK is nie ‘n GOD wat met afgodiese beginsels meng nie. Moet daarom nie MY Heilige Gees bedroef en daarmee omgaan nie. Die een kerk maak daarop aanspraak dat hulle alleen die waarheid besit. Wat is waarheid? Is dit nie dat julle MY moet dien met julle hele hart, siel en gees nie? Is dit waarheid om in ‘n kerk te sit waar lidmate mekaar agteraf beswadder en altyd probeer om in die predikant se goeie boekies te kom? Wie is die predikant? ‘n Halfgod wat MY werk kan oorneem in die naam van geld? Wie is geroepe om MY Woord uit te dra? Dit is die man wat MY uit die diepte van sy hart liefhet en MY dag en nag bely. Hoeveel predikante bely MY dag en nag? Die oomblik dat hy van die

preekstoel afklim, hoer en rumoer hy net so lekker soos die res van julle volk. Kan so iemand MY welgevallig wees? Nee, beslis nie. EK is net daar te vinde waar iemand MY liefhet en in MY Naam MY Woord aan ander bring. Hy bring die brood van die lewe en nie die dood nie. Daar is altyd fondsinsamelings wat gehou word ten bate van die kerk. Gee die kerk onvoorwaardelik aan enige arme? Nee, daar word eers seker gemaak dat hy ‘n lidmaat van sy kerk is. Het EK nie gesê; help die armes nie? Enige behoeftige moet gehelp word, maar hulle besluit wie hulle moontlik sal help en dan word ook ‘n minimale bedrag geskenk. Daaroor moet EK baie bly wees en hulle vergeld met die ewige lewe. Hoe verdorwe kan jy nog kry? Daar is gesê dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself, maar hulle besluit ook sommer wie is hulle naaste en wie nie. Die arme is NIE sy naaste nie, want hy bring vir hom geen persoonlike voordeel nie. Die ryke daarenteen word geken in al die kerk se sake en hy sal altyd skenkings doen in die naam van Mammon. Dit is wie die kerke van vandag dien en daar is niemand wat die teendeel kan bewys nie. Teen MY kan niemand stry nie, want EK ken die diepste geheime van elkeen en elke organisasie is vir MY ‘n ope boek. Wees daarom versigtig aan watter organisasie jy behoort en toets dit aan MY Gees in jou hart. MY Gees sal alles aan jou duidelik maak. Wees vol liefde vir MY en JY sal lewe en geen kerkorganisasie kan vir jou die ewige lewe waarborg nie, net EK en EK alleen. Daarom moet jy MY in die stilte van jou hart opsoek en dis nie nodig om kerk toe te gaan om MY daar te soek nie, want jy sal MY nooit daar kry waar ‘n rowerspelonk is nie. Wees MY welgevallig met jou lewe en nie jou kerklidmaatskap of kerkbywoning nie. Dit is waar jy die ewige lewe sal kry: By MY, jou Skepper en enigste ware Herder wat SY lewe afgelê het vir SY skape. Vertrou nie op die valse herders wat die skape aan die wolwe sal oorlewer in ‘n tyd van nood nie. Dit is EK, die ware Herder wat julle nou roep en nooi julle uit om deel van MY gemeente te word. ’n Gemeente wat MY in die gees dien en nie in die vlees nie. Dit is MY wil vir elkeen van MY skape: Dat jy een met MY, die Vader, Verlosser en Seun word. EK het julle lief en sal altyd daar wees om julle te red as die wolwe en jakkalse ‘n aanslag op julle maak. Vlug in MY arms in en EK sal julle trou bewaar sonder dat ‘n haar verlore gaan. Julle moet MY nie in die uiterlike aanbidding soek nie, maar in julle harte en dit sal vir MY ‘n reine offer wees wat EK met graagte sal aanneem. Dit is só en nie anders nie.

Amen

# Hoofstuk 28

***“EK gee en EK neem”***

In die begin was die Woord en die Woord was by MY en die Woord is EK. EK is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Wie op MY wandel, wandel die Weg na die Ewige Lewe. Wie verkies om sy eie weg te gaan, gaan op ‘n pad van dood en doodskaduwees. Wie na MY soek, sal MY vind, so seker soos wat die son daarbuite skyn. Soek na MY terwyl EK nog te vinde is en EK sal MY nie vir jou verberg nie, want EK is ‘n God van uiterstes. Daar is niemand wat MY kan vind as EK MY verberg nie, en as EK MY laat vind, is EK so helder soos daglig, so ver en so naby. Dit laat ‘n mens dink aan die golwe van die see. Die een oomblik is jy so hoog dat jy myle ver kan sien, net om die volgende oomblik so laag te wees dat jy vrees om verswelg te raak. Die mens is in sy bestaan op aarde net soos die see. Die een oomblik is sy hart vol van MY lof en die volgende oomblik voel hy verlate soos ‘n ontblote kus waarvan die water myle ver teruggetrek het. Die hart is die strand, wat vol word van MY lof, net om die volgende oomblik leeg en verwyderd van MY voel, maar die See (EK) sal bly bestaan en in sy deinings sal hy nooit rus nie. Hy is altyd besig om een kus vol te stoot en op ‘n ander kus sy water terug te trek. Maar kan MY liefde ophou? Is daar begrensing vir MY mag, krag, liefde of bestaan? Kan EK ooit die skepsels wat EK gister geskape het, vandag verlaat of vernietig? Wat dink julle van MY mag? Dink julle dat EK nie ‘n ewige God is wat kan maak en breek soos EK wil nie? Dan maak julle ‘n groot fout, want EK is die Enigste, Eerste, Laaste en Grootste. Daar is niemand wat by MY kan kers vashou nie. EK gee en EK neem. EK kan en EK sal en EK mag, want in MY hande lê alles. Van ‘n klein weerlose voëltjie tot ‘n magtige hoop waters/volke. Dink nie dat EK in iets beperk is nie, want dan onderskat julle MY deeglik en EK is deeglik. As EK iets doen, doen EK dit nie half nie – EK gaan voluit – tot die einde. Maar in MY mag is EK so sag soos die môredou op ‘n pragtige roos. EK is rein soos die eerste strale van die son op ‘n blink gerypte grasperk. EK is mooier as die mooiste blinkende water en EK is liefde. Meer liefde as EK, is nêrens te vinde nie. Liefde wat alles oortref, liefde wat vir niks stuit nie. Nie eers die dood nie. Liefde wat heel, streel en die sag en die seerste seer in sagte genade omskep. En vir julle, MY volk, is EK daar en EK sal nooit ophou om MY Gees oor julle uit te giet in tye soos nou nie. EK sal nie MY hand van julle af wegvat nie. EK sal julle nie verlaat nie. Al het julle MY tien keer verlaat, sal EK by julle bly staan. Want EK is getrou, seker soos die son wat oor julle hoofde skyn. EK is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Die Enigste, Grootste, EK Is wat bestaan tot in ewigheid, wat was van ewigheid af en wat julle reinig sonder

om weer na julle sondes te kyk. Wees MY liefdevolle hart waardig en laat MY toe om julle te reinig, sodat julle weer vir MY ‘n lus vir die oog en ‘n waardige las vir MY siel kan wees. EK Is, sê die woorde aan julle, MY geliefdes en tere bemindes. Dink aan MY dag en nag en julle sal MY vind.

Tot in ewigheid JAHWEH.

Al MY liefde

Amen.

# Hoofstuk 29

***“Reinig julle deur die liefde tot MY en die naaste en julle sal skoon wees”***

Soos daar geskrywe is in MY Woord van die eeue (Die Bybel), is EK ‘n Enige Elohim wat die misdade van die ouers besoek aan die kinders tot in die geslagte daarna. Maar beteken dit dan EK vergewe nooit nie? Nee, EK is ‘n vergewende El wat liefde uitstraal na al MY skepsele, die hele heelal deur. Heelal na heelal word deur MY genade onderhou en EK kyk persoonlik na elke kleinste deeltjie daarvan. Daar is in MY groot skepping geen onduidelike deeltjie vir MY nie. EK deurvors en deursien alles. Niks daarvan is vir MY verborge nie, nie eers die sondigste hart met ‘n vroom gesig kan vir MY verberg word nie. En in MY heelal is daar net duidelikheid voor MY, want EK weet alles, skep alles, rig alles, onderhou alles en niemand kan MY misken in MY werke nie. As hy sou kyk, sal hy MY dadelik daarin herken. EK weet wat EK doen en waarom EK dinge doen. Vra daarom nie aan MY, “wat doen U” nie. Want EK kan maak en breek soos EK wil. Maar oral sal jy MY liefde aanskou en dit is so groot soos die groot uitspansel. Wat meer is, uitspansel na uitspansel kan in MY liefde wegraak. Daarom is dit verkeerd om te dink dat EK nooit vergewe nie. EK vergewe dag na dag - nag na nag. Wie na MY toe kom met liefde en ware berou, word vergewe soos seker as wat EK lewe. En aan sy sondes word daar nie meer gedink nie. EK was sy sondes van hom af en hy sal rein wees tot in ewigheid. MY bloed is sterker as die sterkste see en reinig tot in murg en been. Daar is nie ‘n sonde wat kan agterbly, as EK, die Groot Reiniger eers verbygekom het nie. Die skoonmakers of reinigers is gewoonlik mense waarop daar neergesien word, maar hulle doen ‘n eerbare werk, want hulle is aan MY gelyk in die opsig dat EK ook ‘n Reiniger is. Kyk nie op diesulkes neer nie. Poog eerder om ook ‘n reiniger te wees deur jou broer se sonde teen jou te vergewe, dan maak jy jou eie hart skoon van bitterheid en afguns. Jaloesie en dies meer moet uit jou binneste gereinig word. Moenie wrokke koester teen mense nie, want die wraak kom MY toe. EK kan alleen besluit op wie EK MY wil wreek. EK is egter ‘n sagte, vergewende God vir die wat MY in liefde soek en die liefde is dit wat jou reinig, want EK is die liefde. Reinig julle deur die liefde tot MY en die naaste en julle sal skoon wees. EK sal aan geeneen van jou vorige sondes dink nie. Al was dit so groot soos die see en so diep soos die see. Jy sal gereinig deur MY bloed, arm in arm saam met MY stap, en ons sal gesels soos twee rein broers, want EK het alle vuil van jou afgewas. Wees rein soos EK rein is. Hou enige praatjies ver van jou af en EK sal by jou kom woning maak. Alles, alles, alles behoort aan MY. Gee ook jou sondes aan MY.

Amen

# Hoofstuk 30

***“Liefde weerhou die uitsterf van spesies”***

Daar is opregtes in elke groep in die samelewing: Opregtes skelms, opregte boewe en opregte rowers. Dan is daar natuurlik die opregtes van hart wat MY na aan die hart lê. EK wil eerlike opregte harte hê, sodat EK daar kan tuisgaan. EK wil MY woning in ‘n opregte hart maak. Maar daar is uiters min opregte mense te vinde wat MY welbehaaglik is. Hulle is letterlik so skaars soos hoendertande, soos julle daarvan hou om te sê. Die ware opregte wat na MY soek, het saam met die Dinosourusse verdwyn. Daar is nog hier en daar een te vinde in die onherbergsame gebiede van Afrika. Net so is die opregtes van hart, in ‘n wêreldsee van mense, ‘n rariteit. EK hoop dat jy wat hier lees, een van die skaarse spesie is. As jy nie is nie, beter jy gou ‘n plan maak, want die spesie is besig om gou uit te sterf, weens ‘n gebrek aan liefde in die binneste van die hart. Eerlike, opregte liefde is die sekerheid wat die spesie nodig het om te kan voortbestaan. MY liefde is so groot dat dit nie gemeet kan word nie. Kyk om jou heen en jy sal sien dat MY liefde alles onderhou – ‘n definitiewe bewys daarvan dat liefde die uitsterf van spesies weerhou. Bring daarom die liefde in jou hart in en jy sal voortleef sonder om uit te sterf. Dink hard en diep daaroor na en jy sal die wysheid daarin raaksien. Die Wyse, Alleen Magtige sê dit.

Amen.

# Hoofstuk 31

***"Soek net na MY vriendskap"***

In en om MY skepping is daar sekere dinge wat julle nie kan sien nie. Daar is baie geheime wat vandag se wetenskaplikes nooit sal uitvind nie, byvoorbeeld die samestelling van die wolke. Wolke bestaan uit sieledeeltjies wat nog baie "rou" is. Hulle is lae geeste wat MY nog nie heeltemal ken nie. Daarom is dit belangrik om MY met aandag en liefde te soek, sodat jy dit maklik sal verstaan. MY skepping is 'n uitvloeisel van MY mag. EK skep nie sonder 'n doel nie. Daar is 'n doel met alles. MY skepping is sonder foute en dis net die mens wat 'n fout daarin wil raaksien. EK is Almagtig en verhewe bo enige menslike kritiek. Oral waar daar slim geleerdes is, word MY skepping, of Woord, gekritiseer - tot die mens se liggaam. Liggame is nooit perfek genoeg nie. Die een is te vet en die ander is te maer. Niemand se lengte is vir hom ooit reg nie. Mense kritiseer mekaar na hulle uiterlike, want die innerlike kan hulle nie sien nie. En omdat hulle die innerlike nie kan sien nie, word hulle om die bos gelei deurdat hulle vir mekaar kan lieg en bedrieg. Julle is 'n heilige volk vir MY; die nageslag van konings en koningskinders en daarom is julle MY uitverkorenes en EK wil julle bevry en uitred. Uiterlik lyk MY volkie sorgeloos, maar in die binnekante van hulle harte sal julle vrees vir die toekoms vind. Dit is julle almal wat by MY bly se voorreg en geluk - dat julle vrede kan hê oor die toekoms. Julle is almal vol wêreldse stryd en niemand het al die wêreld net afgelê nie. Almal sukkel nog om die aardse af te lê. Julle geestelike oë sal niks mis nie en in julle heldersiendheid sal julle MY loof, want EK skep die mees wonderbaarlike dinge om jou. Selfs as jy jouself kon sien, sou jy verwonderd staan oor hoe jou innerlike siel lyk. Vrees (respekteer) MY en soek na MY, dan sal jou geestelike oog oopgaan tot heil en redding van jou siel. Jou siel is kosbaar in MY oë en daarom wil EK hê dat jy al jou sondes aan MY moet gee. En jy sal verlossing vind en jou gebeente sal rus vind by MY, jou Enige, Ware Verlosser en Vriend. Soek net na MY vriendskap

Amen.

# Hoofstuk 32

***"Kom vra vir MY en EK sal julle 'n antwoord gee"***

Die ware gelowige dien MY, sy Skepper en troue vriend uit die diepte van sy hart en daarom kan daar nooit skeiding tussen ons kom nie. Op die oog af lyk dit of daar verwydering tussen ons plaasvind, maar dit is in feite net 'n toets wat oor daardie mens se lewe kom. Die mense aan die buitekant ervaar dit as 'n hele gedaanteverwisseling wat in daardie persoon plaasvind. EK as Magtige Skepper en Verlosser verberg MY aangesig nooit vir MY kinders nie. Hulle sal MY altyd vind, as hulle opreg na MY soek en in tye van nood is hulle nooit op hulleself aangewese nie, al voel dit soms so. Daar is die onder julle wat twyfel in MY beheer van dinge om jou. Dinge lyk sleg en dit lyk of EK as Vader dit net los om skade aan te rig. Dit is egter nie so nie. In MY heelal is daar nie nog so 'n plek soos die aarde nie en net hier kan die satan maak soos hy wil. Dit is die voetbank van sy voete gemaak, sedert hy die wêreld oorgeneem het. EK is nog steeds in beheer en MY kinders kan hy nie skaad nie, want julle staan onder MY beskerming. Kom skuil net onder MY vleuels en alles sal vir julle duidelik gemaak word. Die mense onder julle wat van sekere gawes voorsien is deur MY Magtige hand, is net so onder MY vleuels soos al die ander mense al is julle in die kollig. Vrees nie die aanvalle van die bose nie, wat julle wil onderkry en wil keer dat julle vir MY werk. Julle verstaan nie alles nie, maar kom vra vir MY en EK sal julle 'n antwoord gee. Julle sal verduidelikings kry op al julle vrae. Wees nie bevrees of verskrik nie, want kyk, EK red jou en hou jou vas, sodat die bose satan nie 'n oorhand oor jou kan hê nie. Die satan is verdorwe en in sy mag dink hy dat hy mag oor MY kinders ook het, maar hy het nie. Vrees nie die oordeel oor die duisternis nie want EK is met julle om julle vas te hou en uit te red. Kom skuil net by MY, julle Redder op die wit perd en nog voor die bose mag 'n houvas op jou het, sal EK jou red en beskerm. Vrees nie die aangesig van gevaar nie, want EK het dit alreeds oorwin en voor jy mooi weet wat gebeur, is jy al gered deur MY, jou Losser en vriend. Julle moet net wakker wees vir enige aanval en dit aan MY opdra wat julle te hulp sál snel in 'n tyd van nood en dood. Vrees nie die toekoms nie en dink daaraan dat EK altyd in beheer is en nie die satan of 'n mens nie. Die mens is in sy mag beperk tot sekere dinge en net EK kan die onmoontlike verrig. So wees MY indagtig en EK sal jou red van doods- en sondegevaar. Jy sál nie val nie. MY reddende Hand is om jou - bo jou, onder jou, links van jou, regs van jou, voor jou en agter jou en die beste van alles – binne-in jou. Jy sal bevry word van die knellende laste en vir MY sal jy opstaan sodat EK jou kan vul met MY Gees en jy vir MY 'n bruikbare artikel word. Geen mens het nog ooit gesien wat EK berei vir die wat vir MY stry op aarde nie en hulle sal krag ontvang om aan te gaan in

tye van groot duisternis en dood. Wees MY net getrou in julle aanbidding en Liefde en alles sal vir julle reggemaak word. Dit sal volbring word in die Naam van JaHshua van die leërmagte.

Amen

# Hoofstuk 33

### *"Dink altyddeur aan MY"*

Dink aan MY in die dag van nood en dood, het EK gesê aan die wat MY liefhet. Maar dink nie net aan MY in die aangesig van gevaar nie. Dink altyddeur aan MY. EK wil uitred voor die vyand sy aanslae begin. Jy moet MY in jou hart dra, voor die groot en deurlugtige dag van MY, julle Vader en Skepper aanbreek. Dink nie dat julle gered is deur af en toe kerk toe te gaan of om MY so af en toe in julle harte aan te roep nie. EK wil uit die diepte van jou hart aanbid word. EK wil bemin word en EK wil jou hele lewe hê, want dit is MYNE. Dit kom uit MY en na MY sal dit terugkeer om weer een met MY, die groot Gewer van lewe te word. Hoe gouer jy jouself aan MY teruggee, hoe groter word jou saligheid en in die aangesig van gevaar sal jy niks hoef te vrees nie, want Ons is Een. EK wil dag en nag jou liefde hê en sonder ophou moet jy vir MY bid om krag en barmhartigheid wat aan jou geskenk sal word deur MY, Die Groot Gewer. Dink nie dat die krag uit jouself uitkom nie. Dit kom enkel en alleen uit MY en niemand is teen MY opgewasse nie. Julle moet MY nie verlaat nie, want EK wil net julle liefde hê en julle sal net baat daarby vind om MY lief te hê, wat SY Lewe vir julle afgelê het. Sonder MY kan niemand sy aardse baan volg nie. Dit is enkel en alleen EK wat julle in stand hou met MY ewige Liefde. As EK 'n onvergewende GOD was, sou EK al lankal al die hele skepping verwoes het, weens die groot sonde teen MY. Maar nou het EK begrip vir julle as mense en vra net julle liefde om julle te kan omvorm tot nuwe wesens wat MY waardig is. Julle liefde is vir MY van kardinale belang en soos 'n jaloerse bruidegom wil EK oor julle waak, sodat julle nie van MY afvallig raak nie. EK is 'n jaloerse EL en EK sal nie met MY laat speel nie. EK wil julle hele oorgawe aan MY hê. Dink nie dat EK tevrede is met die oorskot van julle liefde nie. Liefde is MY "kos" en julle is MY "gereg". EK wil julle in MY arms koester en julle in veiligheid bring en sonder dat julle dit weet het EK julle nooit vergeet vanaf die eerste oomblik dat julle vanuit MY gegaan het nie. Julle is kosbare pêrels in MY oë en EK het alreeds MY lewe vir julle gegee. Daarom moet julle, julle aardse lewe ook vir MY gee, sodat EK met MY Gees kan kom en julle oorneem en tot liefde omvorm. Dit beteken: lê alle wêreldse plesier voor MY voete neer, sodat EK plesier in julle kan vind.

Amen

# Hoofstuk 34

### *Die Boodskapper. Die Aarde gaan wankel. Beloftes van JaHshua*

In die dae wat sal kom sal EK MY boodskapper stuur en hy sal MY woord volbring. Hy sal in MY opdrag, MY hele Sionskaar bymekaar roep sodat EK hulle almal kan versamel. Dit is die einde van tye wat dan aangebreek het. Julle het nie 'n idée hoe dinge op aarde dan gaan versleg nie. Oorlog en dood gaan aan die orde van die dag wees en daar sal 'n geween wees soos nog nooit tevore nie. Niemand sal dit ontkom nie, want die katastrofes sal almal raak. Almal sal iets verloor. Al is dit net sy huis en goedere, maar hy sal iets verloor. Maar aan die wat getrou op MY koms wag, wil EK sê: Wees nie bevrees of verskrik nie, want EK, julle Verlosser, het julle alreeds verlos en niks wat julle verloor sal julle skaad nie. Dit sal 'n aanwins vir die siel wees en dit sal julle geeste verryk. Geeneen van MYNE sal eers 'n haar verloor nie, want EK sal met julle wees elke oomblik van julle lewe en ook al loei die winde en verduister die son, is EK daar. Julle hoef nie te vrees nie, want solank EK in beheer is, sal alles ten goede vir julle meewerk. Dit sal die lot wees van almal wat MY liefhet en MY in hulle harte dra. Wees daarom nie angstig en vreesagtig nie en vertrou MY ten volle, want daar staan geskryf dat die wat op Jahshua wag nuwe krag kry en EK IS JASHUA, DIE EWIGE EK IS, wat die storms gebied en die see in beroering bring en die see kalmeer asof hy nog nooit 'n deining gehad het nie. So groot as wat die aarde is, sal hy skud en beef en daar is niemand wat homself sal kan eien oor sy posisie op die aarde nie. Dit sal geweldig wees as Moederaarde haarself gaan regskud vir MY koms en groot gaan wees die ontnugtering van die heidense volkere wat MY misken. Die in julle volk wat MY misken, mishaag en siek maak met al julle verfoeisels wil EK sê: "EK is vir julle ook 'n Verlosser, maar as julle, julle nie bekeer van julle sondes en na MY Vaderarms toe terugkeer nie, gaan dit 'n tyd wees wat julle nooit sal vergeet nie - as EK kom om af te reken met die goddelose. As jy jouself liefhet met die gesonde eieliefde, wat EK aan elkeen toegeëien het, kom dan na MY, sodat EK jou kan reinig en jy deur MY gered kan word in die groot dag van MY, die Enigste en Eerste, Volmaakte en Eindelose, wat alles in MY mag het, en EK

kan red wie EK wil red. En EK kan wegvat die lewe wie MY nie behaag nie. Wees nie ydele sprekers wat ander alternatiewe metodes soek om gered te word nie, want EK ALLEEN is die Redder.

Amen

# Hoofstuk 35

### *Die versameling van Sion in Donker Afrika*

Julle wat getrou op MY wag, is soos die eerste aandblom wat getrou aand na aand vir MY, haar Maker, blom. Daarom noem EK julle tereg MY Sionsblom. En in groot gevare gaan julle, julle lieflike blaartjies vir MY laat skyn. En helder soos ‘n ster sal JY, MY Sionsblom, vir MY ‘n liggie wees in die flou lig wat op die aarde gaan heers. Daar sal ‘n felle duisternis wees wat elke mensehart van skok inmekaar sal laat krimp. Dit sal ‘n dag wees van groot benoudheid, maar in die duisternis sal daar net een liggie skyn en die sal wees aan die suidpunt van Donker Afrika. Hoe ironies is dit nie dat die lig wel uit die donkerste kontinent sal skyn. En van regoor die wêreld sal die res van MY aandblom kom en gesamentlik sal hulle ‘n helder lig laat skyn. En in die donkerte sal hulle aankom om hulle met julle hier in Afrika te kom verenig en saam sal julle MY dien en prys. Saam sal ‘n loflied verrys, want JAH het aan julle guns bewys, omdat julle HOM in julle harte rond dra. As jy een van die wil wees wat ‘n loflied wil sing, terwyl die aarde huil, sal jy jou vinnig by MY groep moet kom skaar, sodat jy ook kan deel wees van MY Sionblom se blaar. Wees bly, want net EK kan bevry en alle mag is in MY hande.

Amen

# Hoofstuk 36

### *Niemand kan oorleef sonder die brood wat EK julle gee nie*

Die Brood wat EK gee, is nie die brood van die mens nie. MY brood is geestelik en onderhou alles. Die mens in sy liggaamlike toestand op aarde het ongelukkig die brood van die aarde ook nodig om te kan oorleef, anders gaan hy die ewige lewe (hiernamaals) tegemoet weens ‘n gebrek aan voedsel. Almal wat hulle voedsel van MY kry, sal vir ewig lewe en het nie meer die brood van die mens nodig om te kan lewe nie. EK sorg selfs in ‘n tyd van hongersnood en daarom is dit nie nodig om te saai en te maai om jou voortbestaan te kan verseker nie. Maak nie ‘n fout nie - die mens het nog steeds brood nodig om van te leef en in sy aardse bestaan is daar nie so ‘n ding dat ander moet werk en jy kry net nie. EK het aan Adam opdrag gegee om te werk sodat hy kan eet en hy het. Plant niks en jy eet niks. Dit is hoe dit werk. Maar by MY werk dit anders. EK gee die brood van die lewe vrylik uit aan diegene wat dit nodig het en dit graag wil hê. EK het alleen gewerk vir die brood van die lewe en kan dit daarom vrylik uitdeel aan diegene wat dit begeer. Dit is ‘n ware seëning as jy van die brood ontvang sonder dat jy ‘n steek werk gedoen het om dit te verdien. Nou sal daar die wees wat sê: Het ons dan nie aan onsself gewerk om U arbeiders te wees nie? Het ons nie U Woord uitgedra aan ander en onsself gekruisig om U waardig te word nie? Aan julle wat díe vraag baie ontsteld in julle binneste aan MY uitkreet, is die volgende antwoord paslik: Daar was ‘n oes om in te samel en te min arbeiders beskikbaar. Die eienaar van die land huur toe ‘n klompie mense by. Na vele harde werk is die oes toe ingesamel en almal eis hulle betaling vir hulle harde werk. ”Wie is die man wat die hardste gewerk het om die oes af te kry? ” het die eienaar gevra aan die arbeiders. Almal steek toe gelyk hulle hande op en wil die eer hê vir die harde werk. Die eienaar vra toe aan die arbeiders. Wie het julle elke dag van kos voorsien? Wie het julle van sekels voorsien om die oes mee af te haal? Wie het julle dag na dag beloon met blyplek, klerasie, vervoer en dies meer? Sou julle kon werk sonder die krag wat julle ontvang het van die brood wat ek julle elke dag gegee het om te eet? Die arbeiders kon niks daarop antwoord nie en moes verleë kyk hoe die eienaar al die eer van die harde werk aan homself toe-eien, want hulle het geweet dat hulle bestaan van hom alleen afgehang het. Net so is EK ook die eienaar van die oes wat ingesamel moet word en julle MY liewe knegte, is die arbeiders wat deur MY, die Eienaar onderhou word. Niemand kan oorleef sonder die brood wat EK julle gee nie. Niemand kan oorleef sonder die huise wat EK julle gee nie en niemand kan sonder MY leef wat julle daagliks so onderhou nie. Alles kom uit MY grote hand en julle moet alle lof en eer aan MY toesê, want EK stel julle in staat om vir MY arbeid te verrig. Die krag kom níe uit jouself nie. Die krag kom uit MY. Wees daarom nie so voorbarig om te dink dat jy alleen iets kan vermag nie, want jy is net ‘n mens. EK laat jou bloed deur jou are vloei, EK laat jou asemhaling vlot verloop en EK gee die suurstof wat jy nodig het om te kan oorleef. EK IS die suurstof wat jy nodig het om te kan voortleef in die lewe hierna en EK IS die Lewe self. Wie wil lewe, kom na MY toe en EK sal jou alles gee wat jy nodig het om vir MY te kan arbei en die oes van die land af te haal.

Amen

# Hoofstuk 37

### *EK is net dit wat die mense MY wil hê*

MY kinders dink soms dat hulle alleen gelaat word deur MY, hulle Elohim en Skepper, maar niks is verder verwyderd van die waarheid as reeds dit nie. Hoe kan EK jou verlaat as jou hart die tempel is waarin EK woon? Baie mense wil MY nie daar hê nie, maar is tog enkelinge wat MY pal by hulle wil hê. Hulle wil MY as ’n rotsvesting en Skuilplek hê. En EK is net dit wat die mense MY wil hê. EK is ‘n rots vir die wat MY so wil hê en ‘n bergvesting in die dag van onheil. Maar vir die wat MY wil hê as herder is EK ‘n Herder. Dan is daar die wat in MY net ‘n steunpilaar wil hê. Dan is EK een vir hom. Vir ander moet EK ‘n regverdige, vergewende God wees. Maar die beste vir MY is, as iemand MY as sy als wil hê. As iemand MY wil hê met sy hele hart en sy siel en gees. As hy in sy hart brand vir MY en ‘n gevoel van gemis kry omdat hy nie arm-in-arm met MY kan stap nie. As hy/sy verlang om in MY oë te kyk en MY ‘n kus van liefde te gee. Hy sal MY eendag alles gee waarna hy verlang het op aarde en EK sal hom beloon vir sy verlange na MY. Wees egter versigtig hoe julle MY vir julle voorstel, want net so sal EK aan jou verskyn. ’n Almagtige Elohim wat vergeld, gaan ook vir jou vergeld, want jy is nie van sonde vry nie. Julle is geneig om MY as `n kwaaie en streng Vader voor te stel, maar EK is ‘n Liefdevolle Vader wat vergewe en EK wil hê dat julle die vrymoedighid moet hê om na MY te kom, sodat Ons EEN kan word. Baie wil MY net hê vir die voordeel wat EK kan bring, maar vir hulle wil EK sê: Julle kan MY nie net gebruik nie. EK is nie vir gebruik hier by julle nie. Want julle gooi MY weg as julle, julle sin gekry het. Wees nie só met MY nie, want EK dra julle dag tot dag. Die hele lof en eer kan aan MY toegeskryf word. Selfs aan jou wat nou hier skryf wil EK sê: Wees MY waardig deur jou lewe en EK sal by jou tuisgaan. Moenie slaap as jy jou werk vir MY moet doen nie, want jy kan dalk in ‘n ewigheidslaap ingaan, waar jy baie moeilik uit sal kom. EK sal aan jou wys wanneer jy kan gaan slaap of nie. Dink daaraan en word wakker.

Amen

# Hoofstuk 38

### *Die spotters sal verdelg word*

In die dae van Noag was daar spotters wat die heeltyd, dag en nag MY kneg gehoon het. Hulle is beloon met die ewige dood. Letterlik en figuurlik het hulle gesterf. Vandag is daar nog spotters wat MY in alle opsigte bespot. Die een Godslasterlike grap en sêding word opgehaal. Die oordeel oor die aarde in die tyd van Noag het gekom in die vorm van reën en woeste donderstorms. Nou sal MY oordeel weer oor die aarde kom in die vorm van vuur. Vuur sal hulle wat spot se oordeel wees en hulle sal ook fisies en geestelik doodgaan. Die soekers na MY sal MY vind en MY vuur sal in hulle harte brand, maar nie tot die ewige dood soos die spotters nie -tot die ewige lewe. EN lewe het EK in oorvloed. Om die waarheid te sê –EK is die lewe self. Alles maak op MY lewe staat. In die tyd van Noag het die spotters nog gespot terwyl die eerste reëns geval het. Hulle het gedink dis net los buie en tot hulle ontsteltenis het die los buie hulle verswelg en van stokoud tot speenoud het in die vloed omgekom. Dit sal nou weer so wees. Die aarde sal sy lawa uitspoeg, maar tot groot vermaak van die mense sal hulle voortgaan in hulle sorgelose bestaan en skielik sal dit te laat wees. Hulle sal huil en huil en in angs sal hulle ook in MY ark in wil kom, maar EK sal sê: ”Gaan weg – EK ken julle nie. Toe julle MY moes leer ken het as ‘n ewige Verlosser, wou julle net spot. Keer maar vir hulp na julle spottersvriende. ”Almal wat MY liefhet hoef egter niks te vrees nie, want EK is met julle. Dink ernstig daaroor na, voor jy weer spot met MY.

Jou Verlosser en Vriend (as jy net MY hand wil vat. )

Amen

# Hoofstuk 39

### *Beskrywing van die kruisiging*

Dink aan MY dag en nag. Maak MY deel van jou lewe. EK sal kom en jou reinig, sodat jy rein voor MY sal staan en jy vlekkeloos bevind word. Daar is niemand wat uit sy eie rein is nie. Dit is net MY bloed wat reinig. Dit het EK al in ‘n vorige hoofstuk ook gesê. Maar dink julle daaroor na? Nee, julle lees dit soos outomate en dit vind nie weerklank in jou binneste nie. Weet jy wat het EK deurgemaak aan die kruis? Laat EK jou ‘n bietjie meer vertel as wat jy reeds weet. Die dag toe EK gevange geneem is, is EK herhaaldelik bespot. Daar is met vuiste in MY gesig gehamer en EK het sleg daaruit gesien. Asof dit nie genoeg was nie, het hulle probeer om MY oë uit te steek om te sien of EK vir MYSELF oë kan skep soos vir die blindes wat EK siende gemaak het. EK het hulle met MY mag gekeer en die brandysters

waarmee hulle MY oë wou uitbrand, het hulle gebrand sodat hulle niks kon uitrig nie. MY ore wou hulle vermink ook om te kon sien of EK vir MYSELF ook nuwe ore kon maak, soos die man wat deur MY Petrus gekap is tydens MY gevangeneming. Daar is herhaaldelik aan MY gestamp sodat EK heen en weer gesteier het. EK was later so dronk dat EK nie bo van onder kon onderskei nie en EK is geskop. Nie een van MY bene is gebreek nie, maar jy kan jouself indink hoe EK teen hierdie tyd al moes gelyk het. Die mense wat MY gedien het, kon nie daarna kyk nie en het almal weggevlug, behalwe MY Johannes, wat amper tot op die einde gebly het. MY aardse moeder, Maria het huilend agter MY aangekom terwyl sy geweet het dat alle mag aan MY behoort en dat EK MYSELF nie van die kruis af sál red nie. EK kon as EK wou, maar ter wille van julle wat nou hier lees en andere, het EK aangegaan tot die bitter einde. By die kruis is die dik spykers met geweld en onder groot gelag herhaaldelik in MY hande ingeslaan. Sodra dit in was, is dit weer uitgehaal en weer teruggeslaan om soveel pyn as moontlik toe te dien. EK was nie 'n mooie gesig om te aanskou nie en na die geselings was EK een bloederige massa. EK het letterlik doodgebloei. Soos die pasgalam moes doodbloei, het EK vir julle gebloei. Sover as wat EK geloop het met die sware las van die kruis op MY skouers het 'n bloedstreep ál in die straat agtergebly. Toe MY Simon van Cerene MY kruis kom optel, was EK so vermoeid dat EK van pure uitputting kon sterf. Maar EK het aangehou tot op die bitter einde. Die blindes, dowes, stommes, kortom almal wat EK genees het, het daar saamgedrom, maar kon nie naderkom nie. Hulle is op 'n afstand gehou deur MY kruisigers en die mense wat MY gehaat het. Sonder om twee keer te dink het EK verder gegaan. En dit is MY liefde vir julle. Met MY kruisiging het daar baie ander diepere dinge gebeur wat julle nie nou kan verdra nie, maar EK sal later alles aan julle bekend maak. Daar moet nog 'n sekere tyd verloop voor julle geestelik ryp is daarvoor. Die mens is nie so ver gevorder in die gees as wat hy dink om dit te kan verstaan nie. Julle moet julle nie daaroor bekommer nie. EK sal daarvoor sorg dat julle dit kan verdra en genoeg geestelik groei om die dinge te kan verstaan net soos wat EK sorg dat die plante daarbuite groei. Maar julle wil moet reg wees, anders kan EK absoluut niks vir julle doen nie, omdat EK 'n GOD is wat die vrye wil respekteer. Bly in MY en julle sal groei. Amen

# Hoofstuk 40

### *Soek na MY ryk wat binne julleself is*

Die mense wat in die agtiende eeu geleef het, was onder 'n valse indruk van MY, hulle Vader uit die kerk verban. Almal voor die tyd was MY nog in 'n mate indagtig, maar later het mense MY net begin gebruik vir hulle eie voordeel. Daar is in MY naam sogenaamde duiwels uitgedryf en baie mense het daardeur skade gely deurdat hulle as lewende duiwels uitgemaak is. Daar is baie op die brandstapels ter wille van MY verbrand. Hulle is op wrede wyses vermink en vermoor. Die sogenaamde kerkmense was verantwoordelik daarvoor. Nêrens het EK opdrag gegee dat mense uitgemoor moes word nie. Dit was die eiewyse besluit van die Rooms-Katolieke kerk self. Hulle het MY nog nooit liefgehad nie en was van meet af aan anti-christe. Die antichrisgees heers in daardie kerk. Hier en daar kry EK iemand wat MY bely en tog met 'n eerlike, opregte hart na MY soek. Hulle haal EK egter uit en bring hulle na die res van MY skape. Die ander verkies om deur die leuen oorheers te word en wil nie van beter vertel word nie. Hulle moet maar bly waar hulle is, want EK dwing niemand om na MY te kom wat nie wil nie. Die kerke vandag is geldmaak-organisasies en in hulle sug na geld het hulle MY lankal verloor. Geen kerk kan daarop aanspraak maak dat hulle MY in hulle midde het nie, want die teken daarvoor is die geldsug. MY ryk is nie van hier nie en daarom sal EK nooit na geld vra nie. EK stel ook nie belang in aardse besittings nie en sal daarom nooit vir skenkings vra nie. Soek na MY ryk wat binne julleself is en julle sal 'n rykdom vind wat baie meer as geld werd is. Dit is die koninkryk van EL wat daarbinne ontsluier sal word, want EK is verborge in julle harte. EK is ook níe verborge nie, want in elke boom en blom sal julle MY vind. Soek net op die regte plek. Klop en vir julle sal oopgemaak word. Soek en julle sal vind. Dit is een van MY reëls en dit moet nagekom word vir die beste resultate. Niemand vind iets kosbaars as hy nie eers daarop uit was om dit te soek nie. Jy sal MY vind in die diepte van jou hart en EK sál die deur vir jou oopmaak. Soek net hard genoeg.

Amen

# Hoofstuk 41

### *EK is die Skeepsman wat elke boot bestuur*

Dit is 'n verkeerde ding om te sê dat alle paaie na die dood lei. EK is 'n Almagtige EL en kan maak wat EK wil. Daar is niemand wat MY kan keer in MY Mag en wil nie. As daar iemand is wat sy paadjie wil verander, kan hy in die liefde en ootmoed na MY kom en EK sal hom help om van rigting te verander. EK is die Skeepsman wat elke boot bestuur en EK sal die boot lei na veiligheid tot teen MY kus. As daar

iets is in die lewe wat jou pla en jy weet nie hoe om dit te verander nie, kan jy net na MY kom en EK sal jou lot verander, sodat jy gelukkig sal wees in jou doen en late. Maar jou lewe moet MY welgevallig wees. EK sal nie in aardse sonde jou weg vergemaklik nie. EK sal nie met die vuil in ‘n mens se lewe deel nie. Dit wat jy vra, moet ernstig en eerlik wees. Geen negatiewe versoeke sal EK beantwoord nie. EK sal níe luister as jy MY vra om jou naaste skade aan te doen nie. Dit moet ‘n eerlike, onbaatsugtige versoek wees, want EK is rein en deel nie met die onreine nie. Wanneer iemand MY so in opregtheid iets kom vra, sal EK alles verander sodat hy tevrede kan wees daarmee. EK wil in alles geken word. EK wil bemin word in goeie en slegte tye en daarom bring EK slegte tye as ‘n toets oor die mens. Maar die wat MY liefhet, sal die toets deurstaan en EK sal hulle gelukkig maak - al is dit dalk eers in die lewe hierna. Moenie vrees of twyfel nie, want EK is altyd daar en wie weet of EK nie jou smart in vreugde sal verander as jy MY aanhoudend en in vurige liefde kom vra nie. By MY is alles moontlik - tot die opwekking uit die dood. Dink net altyd aan MY en wees nie bekommerd oor die dag van môre nie, want EK het môre al oorwin. En jy MY liewe skryfkneg, EK weet wat jou sorge is. Moenie bang wees nie, want alles sal goed uitloop. Vertrou net op MY en moenie vrees nie, want EK is met jou elke dag, op elke tree wat jy gee. Gee jou sorge vir MY, sodat EK dit kan dra en jy sal juig in plaas van bewe. Al MY liefde aan al MY knegte. Julle Vader JAHWEH, wat julle baie liefhet, bring hierdie boodskappe aan julle. Moenie dink dat hierdie Woord uit ‘n mens kom nie, want ‘n mens se woorde het geen krag. Let op jou hart en jy sal voel hoe EK met jou spreek sonder ophou en sag soos die reën, maar hard soos ‘n donderslag.

Amen.

# Hoofstuk 42

***Vrees nie die nag van die lang messe nie***

Sonder ophou moet julle aanhou bid, want as julle weet wat op julle volk wag, sal julle nie meer lag nie, maar huil. Dit gaan vreeslik wees as EK die barbare van Afrika vrylaat om te vergeld, die wat MY nie bely nie. Ja, dit is ‘n tyd van suiwering vir julle volk en saam met die son wat sak, gaan daar baie wees wat nie die volgende oggend gaan ontwaak. Dit gaan ‘n verskriklike nag van dood wees en in angs sal miljoene voor die barbare uitvlug en sonder redding gaan almal wees wat MY nie in hulle harte dra nie. Wees MY daarom indagtig, sodat EK julle kan red in ‘n doodsnag en wees nie bang nie, want vrees laat die dood naderkom en dan kan jy nie vir MY bid nie en EK kan nie jou gebede verhoor wat nooit tot voor MY Aangesig opgestyg het nie. Dink daarom dag en nag aan MY en verbly julle in MY, julle troue Verlosser en Vriend wat in die grootste angsnood vir MY kinders ‘n weg oop sal baan en julle na veiligheid bring. Sing ‘n nuwe lied vir MY, want EK sal julle verbly, maar die wat nie op MY bly wag, gaan tegemoet ‘n dooie nag. ’n Nag van verskrikking en dood soos wat daar nog nooit op hierdie aarde geheers het nie. Dink aan die barbaarse mense om julle en julle sal moet saamstem dat julle nie ‘n kans het sonder MY nie. In getalle sal hulle julle ver oortref en julle sal moet toekyk hoe hulle dreigend op julle afstorm. Maar in MY arms trou sal EK díe behou wat MY aanroep en liefhet. Moenie dink dat jy MY kan aanroep in ‘n tyd van nood, sonder om MY vooraf eers te ken nie. Dit sal nie help nie en EK sal net sê: ”EK ken jou nie!” Wees daarom gewaarsku – die dag van oordeel kom nader. Trou moet MYNE by MY kom vergader. Daarom maak EK almal wakker sodat julle, julle by MY moet kom skaar, want EK het julle lief en wil geeneen laat verlore gaan nie en roep julle tot MY Vaderbors waar EK julle styf wil vashou, terwyl die winde buite waai en die barbaarse skare hulle assegaaie swaai. ”Kom na MY toe”! roep EK weer sodat EK MY oor julle kan ontferm en julle na veiligheid kan bring, waar julle vir MY sal sing en wees nie besorg oor die pilaar nie, want hy is daar, net soos EK daar is en julle MY nie sien nie, en tog is hy daar. Saam sal EK julle by die pilaar vergaar, net soos EK julle by MY voete vergaar. Dit sal ‘n dag wees van buitengewone vreugde, want julle sal MY kan sien en in julle midde sal EK wandel. Soos ‘n broer tussen julle rondloop, sal EK tussen julle wees en julle sal julle verbly. Maar, en ‘n Groot Maar, julle moet julle vrywillig en nóu na MY keer en by MY moet julle kom skuil en niemand wat in MY kring kom staan, sal eers weet van die dreigende gevaar nie, want EK sal julle besig hou met lofliedere in julle hart. Ja, groot sal wees die wêreld se smart, in hulle aanskouing van die dood en hulle sal spyt wees dat hulle nie ag gegee het op MY waarskuwings en uitnodiging nie. Vrees nie die nag van die lang messe nie. EK is reeds gereed met MY hele Engeleskaar en soos Krygers wag Ons om te vergeld julle verdrukkers wat hulle op julle wil wreek. Dit sal ‘n slag wees wat hulle nooit sal vergeet nie en die wat oorbly sal geslagte daarna nog van die Groot Gees van Verskrikking praat en nooit weer sal hulle `n hand teen julle lig om julle te skaad nie, uit ontsag vir MY. Dit spreek EK, Die Almagtige EL van hemel en aarde en niemand sal MY Woorde verander of uitspoeg as EK hulle dit ingegee het nie.

Amen

# Hoofstuk 43

### *Aan die anderkant (na die dood) is daar baie wonings wat EK vir julle berei het*

Wees nie besorg oor die dag van more nie. Die wêreldse mense soek daarna om hulle sakke en beursies vol te kry voor hulle eendag die gees moet gee en voor MY kom staan in diepe skuld. Wat sal hulle dan aan die anderkant vind? 'n Rykmansland waarvan die rykdomme geen einde of perke het nie? Nee, in stom verbasing sal hulle na hierdie arm buurt vol krotte kyk en in groot benoudheid sal hulle 'n krot uitgewys word waar hulle die res van hulle lewens moet vertoef. Daar sal geen luukshede meer wees nie. Alle prag en praal sal verdwyn en arm van gees sal hulle voor MY kom staan. Hulle was ryk aan aardse goedere, maar arm van gees sal hulle MY ryk ingaan omdat hulle nie skatte in die hemel bymekaargemaak het nie - soos EK met MY verblyf op aarde gesê het julle nie moet doen nie. In armoede sal hulle moet staan en toekyk na die prag en praal wat EK aan MYNE sal gee en hulle sal hulle tande kners uit jammerte dat hulle MY woorde misken het, toe hulle 'n kans gehad het op aarde. Daar is verlossing vir sulkes, maar dit sal swaar gaan voor hulle die las van rykdom van hulle skouers af kan haal. Dit sal 'n tyd van beproewing wees wat hulle sal moet reinig en dan eers sal hulle verder kan gaan na 'n beter plek vir verdere reiniging. Aan die anderkant (na die dood) is daar baie wonings wat EK vir julle berei het. Toets dit aan die skrif wat EK met MY dissipels bespreek het voor MY kruisiging en julle sal sien dat dit waar is en geen leuen nie. EK het vooruit gegaan om vir julle plek te berei en EK het. Vir elkeen is daar 'n plek waar hy sal inpas. Soort soek soort - geld dit by MY en jy sal saam met ander wat net soos jy is in 'n "hok " gebondel wees. Die wat al van MY vorige skrywers se werke gelees het, sal presies weet waaroor EK nou praat, maar van die van julle wat halsstarrig weier om die feite in die oë te staar en nie wil lees wat EK op 'n vorige keer net so ook aan MY knegte gedikteer het soos nou aan MY skryfkneg nie, sal EK dit maar weer oorvertel. Daar is baie gebiede in MY ryk in die hiernamaals. Soos jou lewe op aarde was, sal die gebied wees waar jy inpas in die lewe hierna. Was jy 'n heerssugtige koning, dan land jy saam met ander heersugtige mense in 'n gebied waar julle die hele tyd oor die heerskappy sal stry en baklei. Partykeer tot die dood waarop EK jou weereens sal moet opwek. Julle sal nou sê: Hoe kan daar nog 'n dood wees na die liggaamlike dood? EK sal julle sê: Dit is die geestelike dood. Nou kom ons op 'n ander plek in MY ryk. Die mense op díe plek is die wat mekaar op aarde met alles wou oortref het. Hulle is nou toegerus met iets wat hulle moet ontwikkel tot iets groots maar hoe meer hulle na mekaar se doen en late kyk, hoe meer probeer hulle mekaar oortref en hoe minder kry hulle iets reg. Die een wil 'n groter gemors maak as die ander. Tot hulle so moeg word daarvan dat hulle iets beters soek om te doen en dan eers stuur EK van MY boodskappers om hulle uit te nooi om iets beters te vind (EK). As hulle inwillig en saam met MY boodskappers gaan, word hulle na 'n beter plek gebring waar hulle moet werk aan hulleself tot hulle weer gereinig is en dan kan hulle weer verder gaan om so na MY, hulle Skepper te gaan soek tot hulle MY vind. Dit kan jare der jare duur voor hulle MY vind en dit ook onder omstandighede wat regtig nie lekker is nie. Wat EK eintlik hier aan julle wil sê, is dat julle 'n kans het om op aarde na MY te soek en MY te vind, want EK is nie ver van julle verwyderd nie. EK is nader as wat julle dink en net 'n gedagte aan MY sal MY dadelik na jou toe lok om by jou te wees in die Gees. Dink daarom die hele tyd aan MY, want dan is EK die naaste aan julle. EK is die hele tyd bewus van julle, maar hou 'n afstand wat julle moet verklein deur vurige gebed tot MY. Dink nie dat EK ver van julle verwyder is nie, want dan maak julle 'n groot fout. EK kan slegs net so na aan jou kom as wat jy MY wil toelaat, want jou wil is vry en EK dwing niemand nie. Daar is 'n plek waar EK ver verwyderd van is en dit word die hel genoem. Daar is EK nie te vinde nie, maar stuur kort-kort MY boodskappers daarnatoe om te kyk of daar nie iemand is wat hom wil verbeter nie. Hy word dan na 'n beter plek gebring waar hy sy soektog na MY moet begin. Hy word bygestaan deur MY engele wat hom 'n spesifieke taak aanwys om te doen. Doen hy dit nie, gaan hy maar weer terug waar hy vandaan gekom het. As hy inwillig, sal hy prosesse moet deurmaak om homself te verbeter en te reinig. So 'n persoon is dan ook op pad terug na MY, sy Skepper en Verlosser. Hy kan egter nooit die volle kindskap verkry nie, omdat hy sy kanse op aarde gruwelik verspeel het, maar kan 'n mate van saligheid bereik. Daarom sê EK dat julle MY op aarde moet soek, want een dag op die aardbodem in die liggaam van 'n mens is baie meer werd as honderd jaar in die lewe hierna, mits jy nog nie by MY uitgekom het nie. Daar moet jy drie, vier of vyf keer so hard werk as op aarde en jy bereik amper niks in vergelyking met wat jy hier bymekaar kan maak nie. Maak vir julle skatte bymekaar waar geen mot of roes dit kan verniel nie. EK is 'n genadige Vader wat nooit die oortredinge vir ewig en altyd teen jou sal hou nie en daarom gee EK weer en weer kanse wat jy moet aangryp om te kan ontwikkel en bymekaar te maak. Dit is Geestelike goedere waarvan nou gepraat word wat bymekaar gemaak moet word. Gee alle aardse sorge aan MY oor en werk jy net aan jou siel en streef na die eenheid met MY en dan sal jy nie so hard aan jouself hoef te werk in die ryk hierna nie. Deur jou sorge aan MY te gee, stel dit jou vry om

liefdadigheidswerk aan ander te doen. Help waar jy kan en EK sal al jou laste op MY neem. Moenie vir jouself skatte vergader wat tog in elk geval tot niet gaan nie. Die geestelike skatte is vir jou van onskatbare waarde in die hiernamaals en dit sal maak of jy in lig of duisternis gaan wandel, want daar is die lig, dit wat jy bymekaargemaak het. As jy vir jouself duisternis vergader het op aarde, is dit net jou eie skuld as jy in donkerte gehul moet sit vir baie lang tye. EK is die Lig, daarom moet jy doen wat EK sê, sodat EK by jou kan kom tuisgaan en jy MY lig kan hê in die lewe hierna. Streef na MY en MY ryk en al die ander sal vir jou bygevoeg word. Dit is net ‘n wilsbesluit wat jy moet maak en jy sal lig hê of duisternis. Die lig kán vir jou vermeerder word aan die anderkant as jy daar na MY soek of jy kan vir jouself groter duisternis op die hals bring deur jou rug na MY te keer. Hoe liewer jy MY het, hoe groter is jou lig, tot jy later een met MY word om dan self ook ‘n lig te wees. Wees gewaarsku terwyl jy nog ‘n kans het vir maklike verbetering, want daar is dit baie moeiliker om jouself te verbeter en nader aan MY te kan kom.

Amen

# Hoofstuk 44

### *Ongekende vreugde vir die Boervolk van Suid-Afrika.*

As julle moet weet wat EK vir julle berei het, sal julle juig en sing en dans tesaam. Julle sal dan julle aardse sorge en laste van julle skouers afgooi en sonder enige teëstribbeling alles aanvaar wat oor julle pad kom. EK het vir die wat MY liefhet, oneindige vreugde berei. Maar EK kan julle nie nou sê wat julle te wagte kan wees in MY ryk hierna nie omdat julle nog nie sterk genoeg is om dit te kan dra nie. Julle glo MY nie as EK dit sê nie en twyfel aan MY Woord, maar julle sal elkeen ‘n voorsmakie daarvan kry terwyl julle hier op aarde is. Dit sal dien as aansporing om julle self dan eers onvoorwaardelik aan MY te gee. EK sal vir elkeen ‘n vreugde in die hart gee wat niemand kan beskryf wat dit nie het nie. Wees daarom vol van MY lof en vra na MY teenwoordigheid in jou lewe dag na dag en EK sal jou hart só verbly, dat daar nie ‘n einde daaraan is nie. Dan sal julle eers glo wat EK julle sê. Dit is nie meer ver om die draai nie en julle sal spyt wees dat julle in MY Woorde kon getwyfel het – as julle MY sien wandel soos ‘n broer tussen julle, MY Sion. EK het gesê dat EK julle sal versamel en EK sal dit doen en julle sal almal as broers bymekaar wees, terwyl julle MY lof toebring en al die lofgedigte wat EK aan MY skryfknegte gee, sal deur julle gesing word. En hierdie keer sal julle MY ‘n waardige offer bring, want dit sal uit julle harte uit kom en nie geveins of vals nie. Dit sal ‘n tyd van ongekende bloei wees aan die Suidpunt van Afrika - as EK al MY mense van regoor die wêreld sal versamel en julle sal wees vir MY ‘n skone blom wat uit MY hemeltuin kom. Geen gees van leuen of bedrog sal hier heers nie, want EK is tussen julle en EK sal julle reinig. Maar daarna sal die antichris kom en hy sal poog om MY blom te vernietig, maar HY sal dit nie regkry nie. Dit sal die groot geloofstryd wees waarvan Bertha Dudde gepraat het, wat EK aan haar gedikteer het, soos ook nou aan Louise Snyder. Gee aandag hieraan, want julle moet MY altyd in julle harte dra, sodat julle krag kan ontvang vir daardie tyd wat kom. Dit sal ‘n buitengewoon fel stryd wees, maar die wat MY liefhet het mos niks om te vrees nie, nê! Kom na MY met al julle laste en EK sal dit vir julle dra en julle sal jubel soos kalwers uit die stal en met vreugde sal julle MY wederkoms op die wolke sien. Julle sal MY tegemoet hardloop en EK sal julle almal gryp en teen MY Bors vasdruk soos ‘n pa sy seuntjie en dogtertjie en julle sal ewig by MY wees. Dit word in al MY liefde aan julle gesê, die Boervolk van Suid-Afrika.

Amen

# Hoofstuk 45

### *`n Wolk van beskerming vir ons aangebied*

Dit was in die derde eeu na MY geboorte as mens op aarde dat die volgende insident plaasgevind het. Daar was ‘n man genaamd Markus, van Sirene afkomstig. Hy was ‘n man met ‘n redelike opvoeding in MY, maar sonder die ware, egte brandende liefde vir MY. Daar is nou nog sulke mense op aarde. Hulle is deur hulle ouers van MY geleer, maar dit is waar dit eindig. Geen brandende begeerte na MY nie. Maar terug by Markus. Hy was op pad om een van sy stoetbeeste te verruil vir kalwers van ‘n ander beesras. Hy het intensief met beeste geboer sover dit moontlik was in daardie tyd. Hy was ‘n boer van hart en ‘n boer van beroep, net soos sekeres in julle land vandag. Markus was nog ‘n hele ent van sy bestemming toe daar ‘n vreeslike gevaarlike weer opsteek en baie dreigend het die donderweer gevaarlik naby aan hom geslaan. Die bul is noodlottig getref en die bees het net daar op die pad bly lê. Daar naby was ‘n grot, sigbaar van die pad en vervaard en kwaai geskok het Markus daarin gaan skuiling soek, net om te vind dat ‘n vreesaanjaende beer ook dieselfde plan as hy gehad het. Markus is weer met ‘n groot gejuig die grot uit net om homself weer in die doodsgevaarlike donderstorm te bevind.

Daar was geen ander uitkoms vir hom nie. Hy het net ‘n rigting ingeslaan en gehardloop in die hoop om skuiling êrens anders te vind. Maar hy kon net nêrens onderdak of veiligheid vind nie. Markus is op sy knieë gedwing deur die laaste vonkie hoop wat nog in sy binneste oor was en hy het onthou van die God waarvan sy ouers hom geleer het. Markus was bewus van MY bestaan, maar in sy ywer vir sy daaglikse werk het hy nie verder veel aandag aan sy geloofslewe gegee nie. In sy nood het hy na MY geroep en nie gedink dat EK enigsins op hom ag sou slaan nie. Maar Markus ken nie Die Enige, Ewige en Ondeurgrondelike Elohim waarvan sy ouers hom geleer het nie, alhoewel hy tog geglo het aan MY bestaan. En EK is ‘n ware ELOHIM, ’n ELOHIM wat nie teleurstel nie, al vind EK maar net ‘n klein vonkie geloof in die aanroeper van MY Naam. EK het sy gebed verhoor en MY engel gestuur met ‘n beskermende wolk wat om Markus heen gevou is. Markus het dadelik die beskermende wolk om hom heen gesien en dadelik geweet dat dit die God, waarvan sy ouers hom geleer het, se werk was. Skielik het hy ‘n geloof in MY gekry wat nooit sou verflou nie en hy het verder gestap in die kwaai weer, veilig beskut teen die aanslag van die storm wat feller op hom neergekom het. Maar hy het die storm net aanskou en daar het geen druppel op hom geval nie. Die wind het nie eers sy hare geroer nie, want MY beskermende Hand was om hom heen. Veilig het hy sy bestemming bereik, tot groot verbasing van die mense wat hom verwag het. Groter was hulle verbasing toe hulle sien dat daar nie eers ‘n nat kolletjie aan sy klere was nie. Markus se getuienis het baie mense daardie aand na MY voete gebring en dit was vir MY ‘n Godvrugtige gebeurtenis. Markus het die volgende dag huistoe gekeer en dieselfde aan almal vertel wat in groot verbasing op hom afgestorm het, nadat hulle gedink het dat hy omgekom het in die storm, aangesien daar huise omgewaai het en verskeie bome ontwortel is deur die groot storm. Dit is die waarheid en julle sal hom eendag self kan uitvra as julle, julle na MY toe wend en vir beskerming teen die bose vra. Daar is vandag verskriklike aanslae van die bose wat teen julle geloods word en julle is salig onbewus daarvan, want MY beskermende wolk is ook so om julle, as julle MY sou vra daarvoor. Selfs in ‘n hart waar EK ‘n klein bietjie geloof in MY bespeur, sal EK die gebed verhoor sodat hy/sy kan sien hoe getrou EK is en dit moet dien as aansporing om ‘n groter geloof te ontwikkel. Ongelukkig vergeet meeste mense van MY, die oomblik wanneer dit beter gaan om hulle en vra dan nie meer vir beskerming nie en dan wonder hulle waarom dit nou weer so sleg gaan. Dit is ‘n swakheid van die mens en net soos ‘n mooiweersvriend wil hulle aan MY vasklou, net wanneer EK benodig word. Tot groot geloofsgroei in Markus het die storm vir hom gedien en hy het MY nooit weer daarna na sy aardse boerdery gestel nie. Sorg daarom dat jy ook soos Markus in MY bly en EK sal jou nooit los nie. Maar moenie huil as jy MY weer êrens langs die pad vergeet en EK jou nie dadelik te hulp snel, as jy MY nodig kry nie. Bid sonder ophou, sodat julle geloof daardeur versterk kan word en julle as ware kinders van MY die tydelike met die ewige verwissel. Amen

# Hoofstuk 46

## *Soek na MY met ‘n rein hart en volle geloof en vertroue in MY en EK sal ook jou gebed verhoor*

Sewe-en-veertig jaar na die Groot Trek in julle land was daar ‘n man, genaamd Sarel Winterbach. Hy was ook ‘n man met ‘n redelike kennis van MY met ondervinding wat hy opgedoen het tydens die Trek vanuit die groot Kaap. Hy is saam met baie ander Voortrekkers die land in om van die knellende juk ontslae te raak en wat sy vryheid in die ongerepte natuur van die binneland kom soek het. Sarel is deur ‘n slang gepik, 47 jaar na die trek en hy het gedink dat hy nou sy mense sou moet groet en dat dit nou als verby is vir hom. Hy het begin yl as gevolg van die sterk slanggif en baie van sy organe was op die punt om te gaan staan. Sy dogtertjie van tien jaar het by sy bed gestaan met traantjies in haar ogies, want sy het geweet dat sy hom baie sou mis as hy moes gaan. Sy het in haar hartjie die volgende roerende gebed na MY gestuur: ”Here Jesus, sag en rein. EK kom U vir my pappa se lewe vra. Vat hom asseblief nie van my af weg nie, want ek sal hom baie mis. Amen”. EK, wat die Verlosser van almal is wat MY daarom vra, is met diepe liefde vir hierdie kleine kind gevul en EK kon haar gebed nie onverhoord laat nie. Haar pa Sarel is daardie nag deur baie diep waters wat sy siel moes deurmaak, maar EK kon hom nie wegvat nie, omdat EK MY kleine dogtertjie nie wou leed aandoen nie. Nodeloos om te sê, EK het hom nie van haar af weggeneem nie en hom genees, sodat hy net geringe probleme oorgehou het wat hom nie geskaad het nie. Dit het net as herinnering gedien tot ‘n beantwoorde gebed van ‘n klein kind, wat in volle geloof na MY gekom het. Sy was gestuur deur een van MY engele om haar pa se lewe te red en hy het geweet dat dit die reine, onopgesmukte gebed van ‘n kind was wat hom gered het. Daarom sê EK weer, Soek na MY met ‘n rein hart en volle geloof en vertroue in MY en EK sal ook jou gebed verhoor,soos MY klein dogtertjie se gebed.

Amen

# Hoofstuk 47

***Die eie "ek".***

Daar was in die dae sedert die vloed van Noag nie nog so 'n bedorwe tyd soos nou nie.

Noag-hulle was die enigstes in `n land propvol mense met afgodiese beginsels en die een wou die ander niks gun nie. Mense het mekaar vermoor vir `n paar pennies. Dink `n bietjie aan die tyd waarin julle nou leef. Gaan dit nie net so nie? Is dit nie presies dieselfde nie? Naaste teen naaste, broer teen broer is julle. Die een kan net skeef kyk vir die ander, dan word hy hof toe gesleep. Die norm van vandag is die tema "ek". Die ek-tema word gebruik om alles te doen. "Ek" wil `n groter huis hê. "Ek" is nie tevrede met die salaris wat "ek" kry nie. "My" kwalifikasies is die beste, en daarom moet "ek" aangestel word.

Sou iemand anders in jou lig probeer staan, word hy op ongenaakbare wyse weggestamp, sonder agting vir sy persoon of behoeftes. "Ek" maak ook "niks" uit my besigheid nie en daarom word daar uitgebrei na iets groters. Is daar iemand wat tevrede is met die lewe soos EK dit vir hom gee? Wie is die man wat MY dank vir elke stukkie brood wat EK vir hom gee? Daar is die onder julle volksgenote wat wel dankbaar is vir wat EK hom gee. Maar sal ook maar 'n geleentheid aangryp wat na hom toe kom om sy lewenstyl te verbeter. Daar is niks mee fout om aardse besittings te hê nie, mits jy dit goed en wel gebruik om vir jou naaste die lewe te verbeter. Wie gee sy ekstra voertuig aan iemand wat sonder `n ryding sit? Dink jy nie daaraan dat EK jou sal vergeld vir die goeie daad aan `n ander nie? Wat sal van jou afval as jy iemand help wat minder het as jy? Dit sal mos net van jou 'n beter mens maak, wat, vervul van MY GEES die ewige lewe ingaan en sy loon daár sal ontvang. Verwag niks van die wêreld nie, want die wêreld sal niks gee nie - hy neem net en is nie tevrede voor hy jou hele siel het nie. Daar is tye in `n mens se lewe dat jy moet kies - om jouself te bevoordeel, of `n ander. Dink nie dat deur selfverloëning toe te pas, jy nou al gereed is vir die ewige lewe nie. Ondersoek jouself en kyk met watter gesindheid jy jouself verloën het. Is jy ongelukkig oor dit wat jy weggegee het? Dan is jy nog nie reg nie, want EK wil gewers hê wat wìl gee. Nie omgekrapte, buierige mense omdat hulle iets moes gee aan iemand minder bevoorreg nie. Dink nie in jou hart dat hulle self `n plan kan maak nie, want hulle is op jou pad gebring om jouself te verbeter, maar jy kan ook versleg deur hulle, as jy nie op jouself let nie. Dit wat jy weggee sál aan jou teruggegee word, al is dit ook eers in die lewe hierna. Julle het nie `n idée van wat julle loon is, net omdat jy 'n klein guns bewys het aan iemand wat dit nodig gehad het nie. Wat julle nie besef nie, is dat daar heel moontlik een van MY gestuurde boodskappers of engele 'n draai by jou kom maak in die vorm van `n behoeftige. En wat sal jy dan maak as jy agterkom jy het nou net `n engel met leë hande weggestuur? Waar sal jy hom gaan soek om alles reg te maak wat jy verbrou het? Kan jy MY sommer agter elke bos gaan uithaal om reg te maak, wat jy in die eerste plek, weens selfsug, nie wou doen nie. Die eie "ek" verblind soms die mens sò, dat hy nie kan agterkom wie voor hom staan nie en skaam sal hy dan sy kop moet laat sak as EK vir hom die volgende bekende woorde sê: EK was by jou en jy het MY nie gevoed of geklee nie. EK het jou vir water gevra en jy wou MY niks gee nie. Daarom moet julle aan julleself dink - maar nie in die opsig waaraan die wêreldling aan homself dink nie. Dink hoe nietig die aardse lewe en bestaan is. Dink hoe EK dit in `n oogwink kan vernietig as EK wou. Dink daaraan dat die liggaamlike lewe met sy plesiertjies nie vir ewig duur nie en dat jy verantwoording sal moet doen vir elke daad wat jy op aarde gedoen het. Dit is die manier waarop jy aan jouself moet dink en koester geen ydele gedagtes nie. Dan sal jy vrylik na MY kan kom. En EK sal jou beloon vir al jou goeie dade. Daarvan kan julle verseker wees, want die enigste "EK IS" het dit aan julle gesê. En EK sê dit in alle liefde aan julle.

Amen

# Hoofstuk 48

***Wag altyd op MY antwoord in jou hart***

Partykeer is die mens baie onseker oor sy doen en late. Hy weet nie mooi wat hy moet doen nie en dan maak hy soms groot foute, wat hy later bitterlik oor ween. In sy sorge kom dit dan by hom op om MY te vra vir `n oplossing, maar sonder om te wag vir MY antwoord, neem hy dan maar self `n besluit. EK is dan nie geken in sy doen en late nie en wat EK wil hê is dat iemand in die stilte van sy hart moet wag op MY antwoord. EK sal hom antwoord op die tyd wat EK as reg ag en niemand kan MY dwing om vinniger `n antwoord te gee as wat EK nodig ag nie. Julle almal vra MY soms vir goed en dan wil julle dit ook sommer dadelik hê, maar EK weet wanneer dit die nodigste is. Partykeer is dit goed om MY aangesig aanhoudend te kom soek vir `n sekere oplossing en partykeer gee EK dit dadelik aan jou na een gebed. EK weet waarom EK dit doen en julle moenie MY besluite bevraagteken nie, want EK, as Skepper en Rigter van alles, sal alles laat uitloop op die manier wat EK beste ag. Wees daarvan verseker dat EK wel

jou gebed hoor, maar dit eers `n bietjie later sal beantwoord, indien dit nodig is. As dit dringend is, en EK weet wanneer dit dringend is, sal EK jou dadelik beantwoord. Neem die voorbeeld van die pilaar. EK weet waarom hy nie die eerste keer gevind is nie. EK weet waarom EK die pilaar vir julle oë gesluit hou en julle moet daarby berus dat EK die pilaar aan julle sal wys op die regte tyd. Julle weet nie wat in die wêreld om julle aangaan nie, maar EK weet, en daarom sal EK ook julle gebede in verband met die pilaar beantwoord op die regte tyd. En julle sal MY loof, omdat MY besluite wonderbaar is en julle sal nie kan glo dat julle die pilaar nie met die eerste soektog gevind het nie. Dinge sal dan duidelik aan julle gemaak word. Vrees nie die bose nie, want hulle kan aan julle niks maak, as julle by MY kom skuil nie. Dit is MY woorde wat nooit vergaan nie. Skuil onder die vleuels van MY woorde, sodat EK julle met MY liefde en vrede kan oordek en nìemand - EK herhaal - nìemand sal julle skade aandoen nie. MY woorde is verseker en gewis en gaan nooit verby sonder dat julle dit sal sien en daarvan kan getuig nie. Dit is MY woorde.

Amen

# Hoofstuk 49

### *EK het almal lief as MY kinders en begeer elkeen se hart wat toegewyd aan MY moet behoort*

Daar was nog nooit 'n tyd soos nou wat op die aarde geheers het nie. Dinge het begin skeefloop in julle land, die dag toe julle MY, julle Verlosser en Skepper vergeet het en agter ander priesters begin aanloop het. In plaas van om na MY te soek met 'n brandende verlange, het julle die verlange agterweë laat bly en julle vertroue in mense gestel om MY vír julle te vind. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie sieleheil en niemand kan agter iemand anders kom skuil as hy die dag voor MY te staan kom nie. Geen leraar kan vir jou instaan nie. Jy moet MY self soek en EK verseker jou, jy SAL MY vind, want EK is nie ver nie. EK is nie in 'n ander land, sodat jy geld moet betaal om MY daar te kom soek nie. EK is in die stille nabyheid van ELKEEN se hart. Laat niemand vir jou vertel EK is net by sekeres nie. EK het geen witbroodjies nie. EK het almal lief as MY kinders en begeer elkeen se hart wat toegewyd aan MY moet behoort. As elkeen van julle MY soek, soos MY skrywers MY gesoek het, sou EK al lankal met julle ook gepraat het en EK wou telkemale met elkeen van julle, wat nou hier lees, gepraat het, maar julle het MY nie toegelaat nie. Dink daarom nie dat MY skryfknegte iets besonders is nie, en verhewe bo julle nie, want EK ken elkeen se hart en hulle is net so vol sonde soos julle. Al verskil is dat hulle MY dieper as julle gesoek het en daarom vir MY 'n weg in hulle harte oopgebaan het om vir julle boodskappe te bring van Die Enigste Verlosser wat julle lief genoeg gehad het om vir julle te sterf. Dink ook nie dat julle verlore is, omdat julle nog nie MY stem in julle binnekant gehoor het nie, want dit is 'n leuen van satan wat hy wil gebruik om julle te laat moed verloor. Dit ís EK wat met julle spreek. Die van julle wat nou nog nie glo nie, sal ook nie glo nie, al kom EK in persoon na julle toe en dit sal vir jou wat nie glo nie, nie 'n te lekker ondervinding wees as EK in volle glorie en krag na jou kom en jou swakhede voor al die mense ontbloot nie. Wees daarom liewer gou om te hoor wat EK, Die Almagtige, Wyse met jou spreek en jy sal gered wees. Die van julle wat daarvan hou om julle eie stemme te hoor,wil EK sê: Pasop vir die dag as EK jou laat spreek voor 'n gehoor van duisende om aan almal jou domhede oop te vlek en daar sal jy die sot wees waarvoor almal sal lag. Dit sal voorwaar vir jou 'n dag van skande wees. Daarom waarsku EK weereens, wees eerder stil en verberg jou sotheid, sodat niemand dit weet nie en EK, as EK gevra word, sal jou hart verander, sodat jy ook MY wysheid binne jouself kan vind wat sonder die vermoeiende Bybelstudie deur MY aan jou eerstehands gegee sal word. Dit is baie beter as die vermoeiende studering van die heilige skrifte omdat jy nie oop sal wees vir verkeerde leerstellings wat oral in die Bybel uitgekrap kan word nie, want dit kom dan direk van MY, Die Skepper van die Woord, want EK IS die Woord en wie kan MY teëspreek? Is daar iemand wat met MY wil redetwis? Is daar iemand wat wil praat sodat EK moet stilbly? Is daar dalk nog iemand wat MY Woorde in die Skrif vir sy eie agendas wil gebruik en MY daardeur vasgevang wil hou in MY eie Woorde? Dink daaraan dat EK Almagtig is en dat EK kan maak en breek soos EK wil. EK kan die Woorde wat EK gespreek het oor iemand maak of breek. Niks, en EK herhaal NIKS kan MY gebied of beveel nie. As EK 'n ding besluit het, kan niemand MY anders laat besluit omdat hy dit so wil hê nie. Wat MY van besluit kan laat verander, is die ware, deemoedige Liefde in 'n hart wat MY uit diepe liefde kom vra en EK sal uit liefde MY planne laat vaar. Vir die van julle wat nou weer die teksverse gaan nadersleep van hoe onveranderlik EK is, wil EK net herinner aan die stad Ninivé wat verwoes sou gewees het, as die mense daarbinne MY nie in liefde en berou kom soek het nie. Dit was een van MY planne wat EK verander het, ter wille van 'n volk wat MY begin soek het. Moet EK ter wille van MY onveranderlikheid 'n hele stad vol mense uitwis, net om te bewys dat EK onveranderlik is? Nee, EK is Liefde. Sagte, tere liefde en EK bewys barmhartigheid in MY

groot Liefde aan wie EK wil en daar is niks wat enigiemand daaraan kan doen nie. As EK MY Gees oor iemand uit wil stort, doen EK dit en daar sal nie ‘n vinger na MY gewys word nie, want EK weet wat EK doen. EK is vir al MY kinders ewe lief, maar as die een MY dieper soek as die ander, is EK outomaties nader aan hom as aan die ander wat MY nie so diep begeer nie. Dit is hoe dit is en hoe gouer julle dit besef, hoe beter vir julle eie sieleheil en selfs vir die een wat langs jou staan wat altyd na jou slimmigheid moet luister, want dan sal jy eers ware Wysheid begin spreek in plaas van die domhede wat jy dag na dag kwytraak. EK vergewe alles as iemand na MY kom in diepe berou. Dan sal EK hom rein was deur MY bloed en jy sal weet as EK by jou kom aanklop het, want jou hart sal ‘n vernuwing bespeur en jy sal juig en jubel in MY. Dan sal daar eers ‘n nuwe lewe in jou binneste begin vloei en jy sal nie kan glo dat jy eers so onrein was, terwyl jy gedink het dat jy so suiwer was nie. En dit geld vir almal, asook MY skryfkneg wat hier skryf. Dink nie dat MY skrywers op die kantlyn staan en julle oordeel nie, want hulle het nie die oordeel in hulle hande nie, maar MY Woorde, wat EK slegs deur hulle aan julle bring sal julle oordeel. Wees daarom gewaarsku, want die tyd is min en so ook die groepie uitverkorenes van MY. EK wil hê dat jy deel wees van MY uitverkore groepie, want EK het jou lief en weet dat jy opreg in jou sotheid is. Dit is MY woorde aan jou, wat deel is van MY uitverkore groep mense. Dit word aan jou gesê met al die liefde in MY Vaderhart. Let op na die teken wat EK aan jou sal gee as bevestiging dat hierdie MY Woorde is en nie die van ‘n mens nie.

Dit is troue woorde en gewis

Die Groot EK IS, is die EEN wat spreek en jy sal ‘n vernuwing in jou binneste bespeur en jy sal ‘n waardige kneg vir MY word, MY moderne Paulus. Gaan en wees geseënd in MY Ewige Naam.

Amen.

# Hoofstuk 50

### *Kom na MY toe, wil EK weereens nooi en julle aansê om by MY te kom skuil, want die tyd is min*

Vrees nie die mense wat julle niks kan doen nie, maar vrees MY wat julle in die verderf kan stort, of red. Dit is bekende woorde aan julle almal en EK hoef dit hopelik nie weer te sê nie, want dit het tyd geword dat julle MY Woorde binne julle bewaar, sonder dat EK julle altyd weer moet herinner. Die eindtye waarvan daar in Openbaring gepraat word is in sig en julle het nog nie genoeg krag om dit te kan verdra nie, omdat julle nie julle krag van MY kom haal nie en nog steeds dink dat die krag uit julleself kom. Dink `n bietjie na oor díe laaste woorde van MY en julle sal dit in julleself raaksien as die waarheid. Kom na MY toe, wil EK weereens nooi en julle aansê om by MY te kom skuil, want die tyd is min en sal elke dag `n bietjie swaarder raak. Gee ag daarop dat die las vir julle nie te swaar word en julle langs die pad beswyk nie, want dit sal bitterlik wees en die honde en jakkalse sal op julle toesak en elke greintjie vleis aan julle verteer. Maar as julle MY las dra (en dit is die liefde), sal julle nimmer langs die pad beswyk nie, want EK maak jou las lig en die pad kort. Kom gee al jou sorge vir MY en EK sal dit vir jou dra en sommer ook al jou probleme oplos. Daar sal van al jou probleme geen jota of titteltjie oorbly nie en jy sal lig van vreugde jou pad vir MY stap. Dit kan alles alleen bereik word deur die liefde vir MY, wat jou net wil verlos en red en help waar jy MY toelaat. EK is nie `n onvergewende GOD nie en EK sal al jou sondes op MY neem, want EK het al jou sondes gedra die dag toe EK die vloekhout gevat het en met hom aangestap het na Golgota.

Dit was ‘n buitengewone lyding wat niemand sou kon dra behalwe EK nie en daarom het EK ingewillig om dit te doen, Ter wille van al MY kinders wat EK so liefgehad het en nog steeds het na al die sondes wat hulle gedoen het. Kan jy jou kind haat omdat hy ongehoorsaam aan jou was? Kan ‘n pa toekyk hoe sy kind verlei word sonder om hom te help? Nee, julle kan nie en nog minder kon EK toekyk hoe MY kinders deur die ou slang, wat ook genoem word satan, verlei word. Daarom het EK mens geword en tussen MY kinders kom loop sodat EK hulle kon leer in die regte weë wat so verdraai was deur die tempeldienaars. En nou kom EK weer na julle, in die vorm van openbarings, om julle weer die regte pad aan te wys wat so krom geword het deur verkeerde leerstellings wat uit die Bybel kom, wat so verkeerd oorvertaal was deur die invloed van die satan. Nou vra julle: Hoe kan U toelaat dat daar met U woord gepeuter word? EK is ‘n Ewige GOD wat nie toelaat dat MY woorde verdraai word nie, maar EK het die vertalers hulle vryheid gegee, sodat die wat MY regtig soek, MY sal vind; al is dit in ‘n verdraaide leer. Wie na MY soek, vind MY en dan sal EK MY aan hom openbaar, maak nie saak wie hy is nie. Julle sal dit sien en daaroor jubel as julle besef dat EK julle kom haal het in ‘n verdraaide wêreld met verkeerde opvattings oor MY, want EK gee die onverdraaide waarheid. EK gee die rein voedsel aan MY kinders wat na MY soek en MY gevind het. Daar sal nie meer ‘n onwaarheid oor MY in hulle heers nie want EK, DIE GROOT EK IS, sal alles helder maak vir julle en julle sal die son sien skyn in julle binneste en groot

sal julle vreugde wees. In MY Vaderhart is daar dan nie meer smart as MY kind hom na MY wend nie en EK sal hom met al MY liefde aangryp en hom styf teen MY bors druk, want ongeveins is MY liefde vir julle. EK verlang egter ook ongeveinsde liefde vir MY, en sodoende maak EK jou rein. Dink altyd aan MY woorde en vra dat EK jou binneste kom reinig, sodat EK daar vir MY ‘n welgevallige en rein tempel sal vind.

Amen. Ja, amen. Ja kyk, EK kom gou, en almal sal sien dat EK die EEN is wat maak en breek.

## *Naskrif*

Na alles wat EK vir julle in hierdie boek vertel en uitgelê het, is daar nog iets wat EK in verband met hierdie geskrif wil sê. Die wat dit herken het as MY stem, is die saliges van hart waarvan daar gepraat word in MY Woord, die Bybel en hulle sal seën ontvang, omdat hulle MY stem herken het, want die skape herken hulle Herder se stem. Maar die van julle wat teen MY stem ingaan, sal ook hulle loon ontvang en dan sal dit nie so ‘n wonderlike dag vir julle wees nie. EK weet waarom EK díe goedere aan julle bring en julle moet nie aan MY woord twyfel nie, omdat die twyfelagtiges nie gered sal word nie. Dit is MY woorde aan julle. Dit is MY Stem wat na eeue nog steeds weerklink en net die wat MY liefhet, sal MY hierin herken. As jy díe werk afskiet as werk van ‘n mens, is dit ‘n oordeel oor MY werk, want EK gebruik net MY skrywers as instrumente om MY woord na julle blindes en dowes te bring, wat self te lui is om na MY te soek. Dit is MY Stem wat elkeen van MY skape roep om hulle te vergader voor die naderende onheil gaan oorneem. Luister na MY Stem, want EK red uit liefde en jy sal eendag, dalk nie ver nie, voor MY Aangesig staan en EK sal aan jou vra waarom jy nie na MY Stem geluister het nie. Dit is MY gewisse woorde aan julle, MY skape en kleintjies.
Amen.